Eenheid

Jeffersonville, Indiana, USA
11 Februarie 1962

1 Dankie, Broer Orman. Die Here seën jou.

Goeie môre, vriende. Dis lekker om weer hier in die tabernakel te wees vanmôre. En het net daaragter gestaan en luister, toe ek ingekom het, en die profesie gehoor uitgaan by wyse van spreek in tale, met die interpretasie. En ek het vir die mense gesê dat daardie kamer ook vol is, so ek het gesê: "Ek weet nie, ek het nie met hierdie man gepraat nie (Dit was Broer Higginbotham, as ek die man reg het.) "vir 'n lang tyd. Dis maande sedert ek selfs sy hand geskud het." Maar dis presies waaroor ek praat, wat hy vanmôre gesê het, presies waaroor ek praat. Hy het dit nie geweet nie. Ek het dit self nie geweet tot net 'n rukkie gelede, waaroor ek sou praat nie. En dis net dit, wat hy daar gesê het. So ons is bly om te weet dat ons in die Naam van die Here Jesus bymekaar gekom het, en onder Sy beskermende vleuels.

2 Nou, ek sien baie staan, die plek is vol en gepak, en ons haat om dit te sien. En, sodra ons kan, gaan ons dit anders maak hier, 'n groter tabernakel. Nou, ek wil net vinnig verslag doen oor Phoenix.

Ek was hier verlede Sondagaand en het gepraat oor die onderwerp van *Nagmaal* vir die … voor die Nagmaaldiens. Nagmaal is nie om brood te neem nie, *kommunikeer* beteken "praat met, kommunikeer terug, praat met iemand."

En nou vanmôre, as ek 'n bietjie te lank vat, wel, ruil sitplekke met hulle wat staan, en dit sal waardeer word, laat hulle gaan sit vir 'n rukkie. Ek—ek is besorg oor hierdie tyd waarin ons lewe. Ek is baie, baie besorg. Wanneer ek die dinge sien gebeur wat ek sien plaasvind, is daar iets binne-in my wat geroer word. En ek wil graag net my tyd gebruik en probeer om …

3 Vanoggend se boodskap praat ek oor die onderwerp *Eenheid.* En ek—ek wil my tyd neem en dit probeer maak net so … dit uitlê net so perfek as wat ek weet hoe. En ek vra julle gebede soos julle byeen is.

En nou wil ek hê julle moet blaai, as julle 'n Bybel het en graag saam met my lees, na die 1ste hoofstuk van Hebreërs, een. En ek wil die eerste drie verse van die 1ste hoofstuk van Hebreërs lees, en dan Génesis 1:26 en 7, om dit te verbind. En geen mens kan enigiets sê wat iets werd is om te sê nie, tensy God hom help om dit te sê. En—en dis met die Boodskap vanoggend, ook, die eenheid van die mense en God. Nou in Hebreërs die 1ste hoofstuk, lees ons dit.

> *Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete,*
>
> *het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.*
>
> *Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,*

En nou in Génesis, die—die 1ste hoofstuk en die 27ste, 26ste en 27ste verse, lees ek dit.

> *En God het gesê, Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.*
>
> *En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.*

4 Nou laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig terwyl ons bid. En ek is seker dat daar baie versoeke is in die gehoor van hierdie grootte, so miskien moet ons net ons hand opsteek na God, wie 'n versoek het, en laat hom hierdeur bekend maak dat ons iets het waarvoor ons gebed wil hê. God skenk aan elkeen van julle.

Here, ons het vergader onder die dak van hierdie tabernakel en ons is dankbaar om die dak oor ons te hê vandag, maar ons samekoms is vir 'n groter doel as dit. Ons voel dat ons deur die belofte van God byeengekom het onder die vleuels van die Almagtige. Dat Hy, soos 'n hen haar kuikens sou beskerm, ons sou beskerm teen alles wat ons begeer dat Hy ons teen sal beskerm. Dat Hy oor ons sou swewe en ons voed en ons vandag ons daaglikse brood sal gee, beide fisies en geestelik, dat ons die volgehoue krag van liggaam kan hê om op die aarde rond te loop, en die volgehoue krag van die Heilige Gees om die Woord van God na 'n honger mense te bring. En om hier weg te gaan met Dit op ons lippe en in ons harte, met sulke vars salwende Olie dat ons in staat sou wees om ander van die dag te vertel waarin ons lewe, en die toestand van tyd. God, ons vertrou ten volle op U. Daar is geen ander plek oor waar

enigeen heen kan gaan nie. Ons voel soos Petrus gevoel het daardie dag toe Jesus gesê het: "Wil julle ook gaan?"

Hy het gesê: "Here, waarheen sal ons gaan? U alleen het die Woorde van Ewige Lewe." En dis waarom ons vanmôre in U Naam vergader, omdat U alleen die Woorde van Ewige Lewe het. En ons bid dat U dit so werklik sal maak vir elkeen van ons vandag dat ons harte in ons sal brand. Ons siele versterk sal word, ons liggame genees, ons gees genees, ons siele vernuwe, geskep na die vorm wat God ons sou wou hê.

5 Vader, ek bid dat U krag sal gee aan hulle wat in die kamers en teen die mure rond staan, en in die voorportaal rond. Ek bid dat U hulle krag sal gee. En, in die wete dat dit op band gaan, wat na baie verskillende nasies sal gaan, uit na die lande en die stamme van die aarde. En, God, ons vertrou volkome op U. Gee ons net die krag en die—die Woord en die salwing, dat dit kan wees net soos U dit vir hierdie uur sou wou hê. Ons wy onsself nou toe aan U, ons gehoor, ons stem, ons aandag, alles wat ons is, wy ons aan U, dat U in ons sal beweeg. Werk deur ons en manifesteer U groot Teenwoordigheid in ons. Want ons vra dit in Jesus se Naam, U Seun. Amen.

6 Die woord *eenheid* beteken "om een te wees met." *Eenheid*, "verenig." En, nou, dit is nogal 'n onderwerp, en dit—dit verdien veel meer aandag as wat ek in staat is om te gee, en meer as omtrent enige persoon op aarde in staat kan wees om te gee. Maar ek wil graag aan julle my opinie daarvan weergee en met wat God ons sal gee. Nou, hierin, dis onderrig in doktrine. En aan die broers wat hierdie band mag hoor, ek vertrou dat dit nie 'n aanstoot sal wees nie, maar dat dit sal maak dat julle dit baie aansienlik neem, dit in oorweging sal neem, eerder. Dat julle dit biddend sou bestudeer, versigtig, en dit oorweeg in die balans van God se Woord, om te sien of Dit van God is of nie.

Want ek glo dat dit is hoe ons altyd moet doen, dinge weeg met die Woord, want die Woord is die enigste Ding wat in staat sal wees om te bly. Jesus het gesê: "Beide hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit verbygaan nie." Dis waarom ek Dit glo, en om te glo dat Dit God se program is. Ek glo dat Dit die voltooide werk van God is uitgeskryf in Woord. Daarom, dat as enigiets teenstrydig met daardie Woord is, kan dit nie God of God se plan wees nie. Ek glo Dit is die program. Nou, die Gees van God in die Woord laat die Woord Homself leef, Homself uitleef. Dit bring die Woord tot lewe, soos 'n saad.

7 Nou, die eerste man en eerste vrou in die Tuin van Eden was in volmaakte harmonie met God, soveel so dat God kon afkom op enige tyd wat Hy begeer en lip-tot-oor met Adam en Eva praat. Nou, dit is volmaakte eenheid, God en Sy skepping, God wat lip-tot-oor praat met Adam en Eva. En hulle was so volmaak in harmonie met God, dat hulle een met God was. God en Sy familie was een.

Enige man en sy familie, 'n korrekte, goeie, edele, gehoorsame familie is een met die ander, enige familie. En as daar iets in die familie is wat hulle uitmekaar beweeg, dan is dit nie reg nie, die familie is êrens gebroke. Hulle behoort almal een te wees, vader met moeder, moeder met vader, kinders met ouer, ouer met kinders, almal in ooreenstemming. En wanneer jy dit sien, sal jy een lieflike prentjie sien.

8 Dis God se doel. En Sy doelwit as Vader, opperste, was om een te wees met Sy familie, aardse familie, Adam en Eva. En die enigste manier wat hulle een kon wees met die familie, of met God, was omdat God se natuur in hulle was. So dit het hulle gemaak met God se natuur in hulle, dan met mekaar en God, hulle het almal een geword. Is dit nie 'n pragtige prentjie nie, God in Sy familie, Vader oor alles, allerhoogste! Geen dood, geen smart, geen hartseer, geen niks nie; net onuitspreeklike vreugde; om nooit siek te wees nie, nooit hartseer te hê nie, net een met God! Wat 'n prentjie! Want, die einste natuur van God was in hierdie mense. En daarom, wat hulle gedoen het, het hulle net in lyn met God gevolg, en God met hulle het hulle een gemaak.

9 Nou, Jesus het gebid, in Johannes, die 17de hoofstuk en die 11de vers, aan julle wat hierdie Sondagskooltekste neerskryf. Ek het baie van hulle vanmôre. Johannes 17:11, Jesus het gebid dat die Kerk en Hy een sou wees soos wat Hy en die Vader een is. Dat die Kerk, ons as lidmate van die Liggaam van Christus, een sou wees, tesame, net soos Hy en die Vader een is. En op daardie dag sal ons weet dat Hy in die Vader was … Vader in Hom, en Hy in ons, dat ons saam een is. Wat 'n verbintenis, 'n eenheid wat sal wees, om God in Sy Kerk te sien totdat elke lidmaat net volmaak in harmonie is met mekaar en God. Dit is die Kerk waarvoor Jesus kom. Dis wanneer Sy gebed beantwoord sal word, dat ons een sal wees.

10 En dit is die enigste grond van broederskap wat God ooit neergelê het vir Homself en Sy Kerk, is die eenheid van Homself in die mense. Dis die enigste gronde vir gemeenskap. En die enigste manier hoe jy daardie gronde kan hê is deur 'n vereniging, om met Hom verenig te wees vir ewig. Net soos wanneer jy met jou man verenig, die vrou met haar eggenoot verenig, dit is 'n eed tot die dood. Nou, dan wanneer jy met God verenig, is dit dieselfde ding as die kerk met Christus verenig, dis tot die dood ons skei. En dan as jy nooit sondig of iets verkeerd doen nie, sal jy Ewig met God verenig word. En slegs die dood kan jou wegvat van God af, en nie fisiese dood nie, maar die sonde van die dood. Sonde is dood, en dit vat jou van God af weg. So, om met Hom verenig te wees in die Gees van Sy krag, is Ewige Lewe, jy's

Ewiglik met God verenig. O, ek wil daarby uitkom oor 'n rukkie. Ewiglik met die Ewige God verenig, volmaak in harmonie met Hom, volmaak saam verenig, 'n Kerk waar almal, beide God en Sy Kerk, een is, saam verenig.

11 En as jy sal oplet hoedat Eva met Adam verenig was, sy het deel van hom geword. God, het julle opgelet in Génesis 1:27, Hy het die mens manlik en vroulik gemaak, het Hy hulle geskape. Nou, die man was 'n … beide manlik en vroulik toe dit gekom het om in die gees van vroulikheid en manlikheid te wees. Toe het God 'n—'n ribbebeen uit sy sy gevat. Het julle opgelet die liggaamsdeel was 'n byproduk, maar nie die gees nie? Die liggaamlike deel van die vrou was 'n byproduk, nadat die skepping voltooi was, het God van die sy van Adam 'n ribbetjie geneem en 'n vrou gemaak. Maar nie die gees nie, die gees was deel van Adam, want hy was beide man en vrou, vrou- … geestelik gesproke, beide manlik en vroulik.

12 Nou, sien julle nie die groot prentjie nie? Ons, in die vlees, is verskillend. Ons is soos 'n byproduk, 'n geskape wese, deur die heilige huwelik. Maar in Gees is ons seuns en dogters, nie een of ander gees nie, maar die Gees van die lewende God. Ons is in Sy ewebeeld, in Sy eenheid, in die volmaakte beeld van die lewende God, omdat ons seuns en dogters word. Nie geskei nie, maar dieselfde Gees, dieselfde God, dieselfde Persoon, verbind in 'n huwelik met die Ewige. Kyk hoe God dit beplan het dat ons nie anders moet wees nie, maar Hom! Nie een of ander wese van 'n ander stam nie, maar 'n ware verbintenis en nakomeling van die Almagtige, gedoen deur 'n heilige eenwording. Nou, die liggaam kom van moeder en vader, maar die Gees kom van God, God wat Homself afsonder soos Adam afgesonder was.

13 Op die Pinksterdag, vind ons die Heilige Gees, die Vuurkolom, wat Homself verdeel en sit op elke lidmaat van daardie Kerk, God wat Homself bymekaar voeg! Dan met daardie groep mense saam, wat doen dit? Bring die verenigde Liggaam van die Here Jesus terug. Kom bymekaar!

En vandag in hierdie groot skeiding waarin ons lewe, denominasionele verskille en dinge, wat 'n jammerte, wat 'n skande!

14 Verenig in Hemelse huwelik met die Ewige God, deel van Hom, deel van God. In vlees het ek 'n Branham geword vanweë my vader, Branham. Jy word deel van jou vader en moeder, maar in gees word ons verenig met God, is deel van God. Dis die rede waarom die gees nie kan sterf nie. "Hy wat in My glo het ewigdurende Lewe. En in die beeld wat hy hier op aarde is, en in sy gelykenis, sal Ek hom opwek in die laaste dae." Nie 'n geeswese nie, want ons sal 'n liggaam hê soos God se verheerlikte Liggaam, die glorieryke Liggaam van die Here Jesus, opgewek in Daardie Beeld.

15 Jesus het gesê, toe Hy na die graf van Lasarus gegaan het: "Ek is die opstanding en die Lewe. Hy wat in My glo, hoewel hy dood is, tog sal hy lewe. En wie ookal lewe en in My glo sal nooit sterf nie. Glo *in* My, nie *aan* My nie, maar *in* My. " Wees in Hom, glo! "As julle bly in My en My Woorde in julle." In Hom, gelowig! O, goeiste! Ek hoop die Heilige Gees maak dit vir julle duidelik. Nou, julle is die klein kudde, dis hoekom deur die week, biddend en vra God, het ek hierdie teks gekies, om julle te wys waar ons staan. Glo in Hom. Jy kan nie in Hom glo voordat jy nie in Hom kom nie, of Hy kom in jou, dan glo jy in Hom, dan het jy Ewige Lewe. Jy glo aan Hom totdat jy Ewige Lewe ontvang, dan is Ewige Lewe God se Lewe in jou, dan glo jy *in* Hom.

"Jy in My, Ek in jou. Dat hulle een mag wees, Vader, net soos U en Ek een is." God in Christus, Christus in die Kerk. Sien? "Net soos ons een is, so sal hulle een wees." Hoe kan jy dan een wees? "As jy in My bly, My Woorde in jou." Sien, bly! "My Woorde in jou, vra dan wat jy wil." Want dit is nie meer jy nie, dis die Woord wat in jou is, en die Woord is God.

16 Nou, die Woord van God is 'n Swaard. Hebreërs, die 4de hoofstuk, sê so, Hebreërs 4:12. Nou, dit is 'n Swaard. En 'n swaard is volkome rustend as dit nie deur 'n kragtige hand beheer word nie. En dit … maar dit vereis 'n hand om die Swaard vas te hou. En die hand wat hierdie Swaard vashou, is die hand van geloof.

Nou, daardie hand van geloof, dit hang af hoe sterk dit is. Hierdie hand van geloof mag net sterk genoeg wees om 'n klein gaatjie te sny deur die duisternis en te sê: "Deur geloof is ek gered." Dis 'n goeie sny, maar dan, as dit al is hoe die hand daardie Swaard hanteer, is dit al wat dit kan sny. Maar as dit 'n sterk hand is, sal dit sny regdeur alles wat die duiwel daarbuite kan sit, elke belofte van God laat voortskyn in die krag van Sy opstanding. As dit 'n sterk hand van geloof is, "Die dae van wonderwerke! Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd," sny sy weg deur. Dit hang af van die krag van die hand agter die Swaard.

17 En die Swaard is vlymskerp. Hebreërs 4, het gesê: "Dis skerper as 'n tweesnydende swaard wat beide kom en gaan, en selfs na die—die murg van die been gaan, en in die gewrigte, en 'n onderskeier van die gedagtes van die hart." Gaan verby die fisiese, dit gaan in die geestelike area in en tel die gedagtes van die hart op en openbaar hulle. Die Gees van God, die Woord van God.

Nou, daardie Woord sal daar insny as daar genoeg druk agter Dit is om Dit in te stoot, dit sal Sy plek

vind en elke belofte uitsny en Dit vir jou gee, as jy net 'n sterk genoeg hand agter Dit het. Die Swaard, tel Dit op in 'n arm—'n arm van geloof! Vat Dit stewig vas, hou Daaraan vas en loop in die gesig van die vyand in. Hoe kan daardie onbesnede vyand ooit in die Teenwoordigheid van die Ewige God standhou? So, jy vat die Swaard van die Woord en elke belofte behoort aan jou. Tel Dit op in 'n sterk arm van geloof, loop vorentoe! As jy genesing nodig het, sny dit uit met die Woord: "Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd." As jy verlossing nodig het, elke belofte in die Bybel is joune. Dit lê daar agterin en Satan probeer dit wegsteek, maar neem die Swaard en druk deur die duisternis totdat die Lig van God inskyn in jou siel en jy die belofte het. Hy sal dit doen.

18 Adam was 'n deel van, of Eva was 'n deel van Adam, sy was vlees van sy vlees en been van sy been. En dis wat die korrekte eenwording is. En dis wat die korrekte eenwording van die Kerk is, Gees van Sy Gees, Woord van Sy Woord. Wyk nooit af van die Woord nie, die ware opregte gelowige sal nie toegee aan enige Woord nie. Onthou, dit was net een Woord wat Eva aan toegegee het, een Woord. Maar die ware gelowige sal nie toegee aan enige Woord nie. Dit sal die Swaard van die Geloof hou met … in geloof, liewer, die Swaard van die Woord, en aanspraak maak op elke Goddelike belofte wat God gemaak het. Dis dit.

19 Hulle was God se voorbeelde aan ons, wat ons behoort te wees, hulle, altyd teenwoordig, faal nooit nie. Toe hulle gepraat het, het God geantwoord. Hy het hulle dopgehou, daagliks. Snags, wanneer hulle sou gaan lê om te slaap, het Hy oor hulle gewaak. Bedags het Hy hulle gelei, hulle gevoed, hulle liefgehad, voortdurend met hulle gekommunikeer, die heeltyd. Hulle was in God se beeld en God was in hulle. Dis wat gemeenskap doen. Dis wat die eenwording maak, is God in Sy Kerk. Dis die eenwording. Baie kan gesê word, het baie plekke om te gaan. Verenigd met Hom, is Ewige Lewe. En die enigste manier wat ons met Hom kan verenig is om elke stukkie van Sy Woord te vat. Dis reg, neem elke belofte en glo Dit.

20 Nou, Eva was verenig totdat sy een Woord verbreek het, of een Woord betwyfel het om waar te wees. Dit het haar afgeskei. Elke Woord: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord!" So ons kan in God wees, verenig, want Adam en Eva, voor die val, voor die ongeloof in die Woord, was 'n voorbeeld van wat ons in Hom kan wees. Om met Hom verenig te wees, is Lewe; om van Hom geskei te wees, is dood. Nou, as ons Sy gebooie volg!

21 Ons weet ons maak foute, maar julle moenie daarna kyk nie. Dis nie jou foute nie, want jy gaan hulle altyd hê. Maar, julle sien, dis om Sy Reëls te volg, volg wat Hy gesê het om te doen. Struikel en val het niks Daarmee te doen nie. 'n Ware getroue dienskneg, as hy sal struikel, sal hy weer opstaan. As hy wankel, trek God hom reguit terug op die pad, solank hy op die weg van plig is. Maar as hy af van die pad van plig is, is God nie verplig teenoor hom nie. Maar solank as wat hy op die weg van plig is, is God aan hom verskuldig, in die wete dat hy net 'n man of 'n vrou is. Hy's verplig teenoor daardie persoon solank hulle op die pad van plig is.

22 Nou, die Kerk is nou verloof aan Christus vir die troue. Die troue is nog nie voltrek nie, tog sal dit wees by die Bruilofsmaal van die Lam. So, ons sien dat die Kerk nou verloof is, soos 'n man verloof is aan sy vrou. Wat doen hy terwyl hulle verloof is? Hy gee net allerhande soorte goed, stuur vir haar geskenke, laat haar goed voel. Wel, dis wat Christus doen vir Sy Kerk. Hy stuur vir ons gawes van die Gees. Hoe kan jy dan verloof wees, wanneer jy ontken dat hierdie gawes bestaan? Dis die einste liefdestekens. Dis God se teken aan die Kerk. Jesus het so gesê: "Hierdie tekens sal volg vir hulle wat glo."

23 Nou, hou daardie dinge in gedagte. Die Kerk moet elke Woord glo, elke belofte, elke jota, en Dit opeis vir hulleself en Dit beoefen. As ek verloof was aan 'n meisie en ek was 'n enkel man, en ek sou haar iets stuur, 'n verloofring, en sy wou dit nie dra nie, dan wys dit dat sy my nie glo nie. Sy—sy—sy wil nie my bruid wees nie. En as Christus die gawes stuur aan Sy kerk wat Hy belowe het, en hulle weier en sê: "hulle is nie so nie," dan wil hulle nie die Bruid van Christus wees nie. Hulle is verloof aan een of ander ander minnaar en nie aan Christus, die Bruidegom nie. So die ware Kerk hou die belofte, en hou alles, en aanvaar die gawes wat God hulle gestuur het. Goed.

24 Nou, die eerste menslike wesens het hulleself uitgesluit om God te glo, deur Sy Woord nie te glo nie en te luister na 'n leuen van die Duiwel. Nou, dis die eerste ding waarvan hierdie wonderlike eenwording ontneem is. Nou kyk, Adam en Eva in 'n posisie om nooit te sterf nie, in 'n posisie om nooit oud te word nie, om nooit siek te wees nie, om nooit 'n bekommernis te hê nie.

Jy sê: "Ek wens verseker ek kan so wees." Laat my … Ek het nuus vir julle, julle is in dieselfde posisie. God plaas dit in elke skepsel op aarde, in dieselfde posisie.

25 Wat was die ooreenkoms? "As julle My Woorde sal hou! As, My Woord, as julle Dit sal hou, Dit glo en Daarvolgens sal optree!" Maar die heel eerste keer wat Eva nie geglo het nie, een Woord weggeneem het van wat God gesê het, het dit die samesyn afgebreek met daardie groot eenwording. En die oomblik wat die kerk enige enkele Woord van God se Bybel nie glo nie, en Dit êrens anders plaas, dan breek hulle

daardie wonderlike samesyn af wat aan hulle gebied word, en om geskei te word. Sodra sy dit gedoen het, het die dood in haar sterflike wese ingekom. Nie net haar sterflike nie, maar haar geestelike wese. Sy het haar verhouding met God gebreek, die minuut wat sy nie geglo het nie. En geen mens kan glo … Hier is dit! Geen mens, geen vrou kan—kan die duiwel se leuen glo totdat hulle God se Waarheid betwyfel nie. Niemand kan die Duiwel se leuen glo voordat hulle God se Waarheid betwyfel nie. So, julle sien, Eva, Adam, waar dit ons vanmôre plaas.

26 Nou laat ons ernstig dink, omdat ons nooit weer in staat sal wees om te dink hierna, na hierdie sterflike lewe verby is nie. Jou besinning is nou. Jy kan nie hierna kies nie, jy moet nou kies, want hierdie is die dag van keuse, maak jou keuse. Nou sy, een Woord, nie 'n hele Dekaloog nie, net een Woord, sy het God bevraagteken omdat dit aan haar gestel was in daardie lig dat die Woord twyfelagtig was. God se Woord kan nie bevraagteken word nie, Hy het bedoel net wat Hy gesê het. Maar sy het Dit bevraagteken omdat dit aan haar gestel is: "O, God het sekerlik nie dit bedoel nie." Maar Hy het dit bedoel! God bedoel elke Woord wat Hy sê. En Dit het geen private interpretasie nodig nie, Dis net soos Hy Dit gesê het.

Wel, sê: "Hoe weet jy van die Bybel." Ek glo dat my God hierdie Bybel gelei het, Hy waak oor Sy Woord. Hy het geweet dat ateïste en ongelowiges sou opstaan in die laaste dae, so Hy het Daaroor wag gehou. Hierdie is presies hoe God Dit bedoel het. Dis hoe Dit vir ons nou is. Nou moet ons Dit glo. Een Woord af van Dit, en ons verloor ons gemeenskap, gaan in—na dood, Ewige skeiding van God, net soos Adam en Eva het. Ons moet God se Waarheid glo.

27 Laat ek dit weer herhaal. Moenie enige Woord van God se Bybel betwyfel nie. Maar moet nie net sê: "Ja, ek glo Dit," nie. Sê "maar"? Nee, daar's niks daarvan nie. Jy glo Dit, jy aanvaar Dit. As jy Dit eenkant lê, sê: "Wel, my kerk glo Dit nie so nie," dan glo jy nie dat Dit God se Woord is nie, en jy sal weggaan onder dieselfde veroordeling waaronder Eva weggegaan het. Jy het jouself geskei van die Ewige toe jy 'n kans gehad het om met Hom verenig te wees. Nou, onthou, Dit kan nie bevraagteken word nie, omdat Dit een Woord was, dit, in God se Woord.

28 En nou, as God net 'n —'n paar Woorde daar gehad het wat mense moes gehoorsaam, en in daardie paar Woorde was een van hulle wat verkeerd voorgestel is, dood veroorsaak het, kyk na die Woorde wat ons vandag het! Sien? Ons moet elkeen van hulle ontvang, aan hulle vashou en deel met hulle as beloftes van God. En 'n ware vrou van God sal dit doen, ware verloofde beloofde-een. Nou, ek hoop hierdie klein dingetjies sink nou diep in sodat ons hulle kan begryp.

29 Wat was die eerste ding wat veroorsaak het dat Eva God se Woord betwyfel het? Dit was omdat Satan haar meer wysheid belowe het: "Jy sal wys wees." Nou, julle sien, die menslike ras reik altyd uit na iets. En Eva het gereik na meer wysheid.

Nou laat ons net een minuut stop. Is dit nie die toestand van die wêreld vandag nie? Hulle wil meer wysheid hê, beter klas, hoër geleerdheid, wil iets hê wat anders is, meer wysheid. Dis wat Eva wou hê. Maar laat ek dit ook sê, dat daar geen wysheid is wat God s'n kan oortref nie, tog is Dit in so 'n nederige vorm dat mense Dit mis.

Satan, soos ek baie kere gesê het, hy skyn, maar die Evangelie gloei. O, daar's nogal 'n groot verskil tussen skyn en gloei. Hollywood skyn, maar die Kerk gloei met die krag en liefde van God. Hollywood skyn. Aansienlike verskil tussen gloei en skyn. Ons wil nie skyn nie. Ons wil gloei.

30 Vandag, dis jammer om dit te dink, maar die kerke probeer op hulle eie insig steun, net presies soos Eva het. Sy het gedink omdat dit aan haar voorgehou is, het dit so werklik gelyk. O, moenie faal om dit te snap nie. Dit het so werklik gelyk, iets wat bygevoeg kon word by wat God gesê het. Dit het gelyk asof sy iets sou gehad het wat God haar nie vertel het net hoe ver sy kon gaan nie. God het haar nie die grenslyn gegee soos Hy vir die see gestel het en dit kan nie verbygaan nie omdat die maan dit dophou. Hy het gedink … Sy het gedink dat Satan iets aan die gang gehad het, soos ons sê, dat sy steeds in eenheid met God kon wees, en tog slimmer wees, sy sou 'n beter geleerdheid hê. Maar God het haar presies toebedeel met wat sy nodig gehad het.

En Hy het aan die kerk dieselfde ding toebedeel. Dis nie 'n draai van 'n teologiese kollege nie, of kom in of draai uit 'n—'n Bybelskool nie. Maar Dit is presies wat geskryf is, en SO SPREEK DIE HERE! Kan dit nie verander nie! Maar die kerke steun op hulle eie insig. Hulle—hulle dink miskien is dit 'n … daar is iets aan hulle vas, en dis misleidend.

31 Ek moet net hier 'n oomblik wag. Die hele wêreld is gebaseer op dit. Die hele ekonomie van hierdie nasie is gebaseer op vals opvatting. Ek sal julle 'n grappie oor myself vertel, dit is nie 'n grap nie; maar julle weet ons almal is lief vir ons vrouens, of ons behoort te wees. En ek het gekyk na 'n program hier 'n ruk gelede in die Weste, was lank gelede, omtrent drie jaar. En in my kamer een oggend het ek opgestaan en daar was 'n televisie in die kamer. En ek het gedink: "Lyk na onweer." En ek het gedink: "Wel, om agtuur behoort hulle die nuus te hê." En ek het die klein handleiding gekry, dit het gesê die

nuus was op 'n sekere tyd.

Ek het die nuus aangeskakel en terwyl ek die nuus geluister het, het ek opgelet dat in die middel van die nuusuitsending het hulle gestop om een of ander soort produk te adverteer, een of ander soort wasmiddel. En het gesê: "Jy hoef nie meer jou skottelgoed te was nie, dame. Die enigste ding wat jy doen is om dit in die water te sit en dit daar te laat bly vir 'n paar minute, lig dit reg op en sit dit op die droograk, dis alles verby."

Ek het gedink: "Ek gaan 'n held wees wanneer ek tuiskom." Ek het die naam daarvan neergeskryf, hierdie sekere goed. Ek het gesê: "Ek sal vir my vrou sê: 'Kyk wat kan ek doen!'"

So ek het gegaan en 'n bottel van hierdie *sekere* goed gekry, en ek het dit alles in die water gespuit. Het haar gesê om aan te gaan met die vee van die huis, ek sou dit vir haar doen. So ek het die kinders se bord gevat en al die krummels uitgekrap, ensovoorts, en die eier wat daarop vassit, en dit laat sak in die water en dit 'n paar minute daar gelos, en hulle uitgehaal en hulle daarbo gesit. Daar was net soveel eier op hulle as wat daar was toe ek dit daarin gesit het. Sien, ek—ek sou verloor … My vrou sou vertroue in my verloor het teen daardie tyd.

32 Julle sien, hoekom word die nasie, waarom laat hierdie … laat hierdie nasie toe dat die mense mislei word? Dit behoort nie toegelaat te word om so gesê te word nie. Dit behoort teen die wet te wees. Oor die moderne sigaretadvertensie, wat 'n skande: "Nie 'n hoes in 'n karvrag nie," alle soorte van goed. Dit behoort nie toegelaat te word nie. Wat doen dit? Dis misleidend. Daar's dood in elkeen van hulle. Daar's dood in die drink van whisky; verkragting, moord, kranksinnigheid, in die bottel. Maar tog word ons toegelaat om dit op ons programme te sit en dit te adverteer as "Die soort wat oupa gedrink het. Meer vreugde uit die lewe," sekere soort dranke soos bier en alkohol. Wat is dit? Dis misleidend. Dis om iets te plaas voor die publiek om hulleself mee dood te maak. En ons word toegelaat om dit te doen.

33 En laat ek dit reg omdraai. En die kerke, deur mensgemaakte dogma, mensgemaakte leerstellings, bied 'n groot front aan die mense en hulle val daarvoor, wat die dood is. Geen kerk sal jou siel reinig nie. Geen geloofsbelydenis kan jou siel reinig nie. Slegs die Bloed van Jesus Christus kan jou siel reinig, God se geneesmiddel, Dit word gerugsteun. So dis net vals, maar mense steun op die insig van die wyses, en hulle sterf deur dit. En mense steun vandag op die insig van—van geloofsbelydenisse en denominasies, en miljoene stort soos geslagte varke af in 'n bodemlose put van hel. Wat 'n skande is dit. Ons word verbied om op ons eie insigte te steun. Ons kan nie probeer nie.

34 Julle sê: "Behoort die raad van mense nie in staat te wees om meer Daaroor te sê as een persoon nie?" Nie as daardie een persoon die Woord van God sê nie. Daar het eenkeer vierhonderd profete gekom voor twee konings en hulle het op hulle eie insig staat gemaak. Maar daar was een wat gebly het by die Woord van God en dit het bewys hy was reg, Miga. Dit hang daarvan af of dit die Woord van God is. Enigiets teenstrydig met die Woord is verkeerd, kom tot dood. Geen wysheid kan God se wysheid oortref nie. Hy's die slimste van alle slimmes. Hy's die—Hy is die Fontein. Hy's die enigste bron van wysheid. Elke mens se woord is dwaasheid en 'n leuen, behalwe God s'n, as dit teenstrydig met God s'n is. Nou, as die persoon God se Woord sê, dan is dit—dan is dit nie meer die man se woord nie, dis God se Woord. Sien, dit is nie die man se insig nie.

35 Satan sal jou allerhande soort beloftes maak, maar hy het niks om jou te gee nie, want hy het niks nie. Hy het geen verlossing nie. Wat is Satan? Enigiets teenstrydig met die Woord. Hy het geen verlossing nie, hy het nie Lig nie. Sy koninkryk is duisternis, die einde daarvan is die dood. Duisternis en dood is Satan se koninkryk. "Broer Branham, herhaal dit weer. Wat is Satan se koninkryk?" Enigiets teenstrydig met die Woord van God.

Nou, dit sny, maar dis tyd om te sny. Sien? Die tak, die boom, as dit gaan dra, moet dit gesnoei word. Dis tyd.

Enigiets teenstrydig met die voorskrifte van God, die Woord van God, is nie God nie. Wat is dit, wat is sonde? Geregtigheid wat verdraai is. Wat is die dood? Lewe wat verdraai is. Wat is die koninkryk van Satan? Enigiets wat iets plaas om die plek van die Woord te neem, enigiets, enige leerstelling. Een woord, net een woord. Jy mag elke stukkie glo, Eva het elke stukkie Daarvan geglo tot daardie een woord. Daardie een woord is al wat sy nodig gehad het om nie te glo nie. Daardie een woord is al wat jy nodig het om nie te glo nie.

36 Nou laat ons daarna kyk. Die enigste manier om in Goddelike broederskap te bly, was hou daardie Woord. God het gesê: "Julle moet *dit* doen. Jy mag *dit* nie doen nie. Jy moet *dit* doen, en jy kan *dit* doen en *dit* doen. Maar moenie *dit* doen nie." Nou, net een stukkie van 'n gebod wat sy nie gehoorsaam het nie, en dit het die hele ding begin. Omdat sy dit gedoen het, het dit elke honger kind gemaak wat ooit in die wêreld was, elke pyn van die dood, elke smart, elke hartseer. Sy het dit net toe gedoen. Wat 'n verskriklike ding om God se Woord nie te glo nie. Elke persoon wat kreun in pyn van elke dood wat ooit was of ooit sal wees, sy het dit net daar gedoen. Elke klein ongetroude kind, sy het dit net daar gedoen,

elke kind gebore onder … buite die huwelik. Elke sonde wat ooit gepleeg is, sy het dit net daar veroorsaak deur elke Woord te onderhou behalwe een klein plekkie hier. Sy—sy het geredeneer. Sy het net … Sy het dit nie geïgnoreer nie. Sy het dit geweet, maar sy het net … Sy was verlei om iets beter te doen omdat sy 'n beter klas van mense belowe is, beter wysheid, sou meer weet van Dit as sy *dit* sou doen. "Ons predikers is beter geleerd. Ons het 'n beter klas."

Daar's geen beter klas van mense in die wêreld as hulle wat God se Woord onderhou nie. Dis die beste. Dis die enigste klas wat God na kyk. Net 'n kort tydjie en miskien sal God dat ons by dit uitkom.

37 Sy koninkryk kan niks belowe nie behalwe dood. Dis al wat hy het. Hy's die outeur van dood. Hy kan leuens belowe, want hy is die vader van leuens. Hy kan jou nie Lewe gee nie. Hy kan jou nie die Hemel gee nie, hy het geen Hemel om vir jou te gee nie.

Dink daaraan! Een woord om God te betwyfel deur 'n belofte van die duiwel of sy werktuie, een woord stuur jou in teistering in. Dis hoe dit begin het. En as God, in Sy genade soos Hy is, hierdie massa van hel op die aarde stuur en allerhande soorte beproewings vir klein honger kindertjies veroorsaak, en verhongerde mense, en dood in die aarde, as gevolg van een woord in die begin, kon Hy dit nie oorgesien en weggestap het van al hierdie massas van lyding nie? Kon Hy dit nie gedoen het nie? As Hy dan nie een woord daar verskoon het nie, wetend dat dit die resultate sou wees, hoeveel te meer sal Hy nie een woord verskoon daar wanneer die individu alleen die lyer gaan wees, wat nie glo nie. Dink daaraan, dis 'n geweldige ding.

38 Nou, toe Adam en Eva geluister het na die leuen van die duiwel, het die heilige beeld van God hulle verlaat, hulle gemeenskap was verbreek met God. Hulle verhouding van eenheid met God was verbreek. Die einste minuut wat hulle na die leuen van die duiwel geluister het, het dit hulle gemeenskap verbreek. En die einste oomblik wat jy na die leuen van die duiwel luister, sal dit jou gemeenskap verbreek. Dis die presiese oomblik wat jy uit die Teenwoordigheid van God gaan, soos sy het, is wanneer jy gefaal het om God se Woord te neem net soos Dit is.

39 Nou kyk, ek wil julle iets vra. Ons weet almal daar is 'n God. En as God so korrek is met Sy Woord en so vasbeslote dat Hy die mense sal oordeel volgens Sy Woord, dan moet Hy êrens 'n Woord bewaar waarvolgens Hy die mense kan oordeel. Hierdie Bybel is Dit. Moet dit nie vergeet nie. Dis die Bybel waarvolgens God die mense sal oordeel, want Dit het in Openbaring 22 gesê: "Hy wat een woord Daarvan sal wegneem of een woord Daaraan toevoeg."

Sien, nie net sê nie: "Wel, ek—ek gaan kerk toe. Ek glo. Ek—ek—ek glo God." Wel, elke duiwel in die hel glo Hom. Elkeen van hulle is godsdienstig, elkeen.

40 Maar dit neem net een woord wat die gemeenskap net daar verbreek. 'n Ketting is nie sterker as sy swakste skakel nie. Hoe groter jou swakheid is om God se Woord te betwyfel, dis daar waar jy 'n nuwe skakel wil insit, sterk saam met die res daarvan. As jy glo Jesus Christus red, dan moet jy 'n skakel daar insit wat glo Hy genees. As jy glo dat Hy was, moet jy glo dat Hy is. Halleluja! As jy glo dat Hy was en wonder of Hy is, sal daardie skakel breek, dan is jy verlore. Sien wat ek bedoel? Dis streng, dis hard, maar dis die Waarheid. Jy moet Hom glo, elke Woord, alles wat Hy gesê het.

41 Nou, jy sê: "Wel, nou Broer Branham, wat van hierdie denominasies?" Wel, luister nou. As hulle met hierdie Woord is, goed. Maar as hulle daardie Woord ontken, dan is dit nie reg nie, dis die duiwel. Sien?

"Wat van hierdie *sekere-sekere* kerk?" Ek weet nie wat van daardie kerk nie. Al ding waarvan ek weet is hierdie Woord. Nou, hoe gaan jy 'n kerk glo wanneer daar negehonderd-en-iets verskillende denominasies is en elkeen sê "ons denominasie het presies die Waarheid"?

Nou waarheen sou jy gaan? Jy moet geloof hê in iets. Wel, julle sê: "Ek het geloof in die Metodiste, in die Baptiste, in die Presbiteriane, in die Lutherane, in die Pinksters, in die Katolieke," wat dit ookal is. Jy het vertroue in daardie organisasie en as dit teenstrydig is met die Woord, doen jy dieselfde ding wat Eva gedoen het. Presies! Jy doen presies dieselfde ding wat sy gedoen het, neem God se Woord en maak Dit …

42 "Wel, daar is 'n beter klas mense wat hierheen gaan. Dis 'n groter gebou. Hulle is slimmer manne." Dit het nie een ding daarmee te doen nie. Satan is baie slimmer as Eva. Sy het nie … was nie eens in die prentjie nie. Maar sy was nie veronderstel om slim te wees nie, sy was veronderstel om gehoorsaam te wees. Ons is nie veronderstel om slim te wees nie. Jesus het gesê die kinders van hierdie wêreld, of die koninkryk van hierdie wêreld is baie slimmer, die kinders van duisternis as die kinders van Lig. Ons word vergelyk met skape. Skape kan nie eers hulleself lei nie, hulle moet 'n herder hê. God wil ons nie slim hê nie, Hy wil hê ons moet op Sy insig staatmaak, amen, net waar Hy lei. Amen. Sien julle die prentjie? Moenie op jou eie insig steun nie. Spreuke 5:3. Moenie op jou eie insig steun nie, steun op Sy insig. Maak nie saak hoe teenstrydig dit lyk en hoe groot die helder ligte daar lyk nie, moenie enige aandag daaraan gee nie. Steun net op Sy insig, wat Hy gesê het is die Waarheid.

43 Nou, die eenheid in gemeenskap was verbreek tussen God en Sy kinders, die minuut wat sy 'n paragrafie nie geglo het nie, een Woordjie van God. Almal wat dit gesnap het, sê "amen." [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Nie 'n Bybel nie; sê: "Ek glo glad nie die Bybel nie. Ek glo die helfte Daarvan." Sy moes Dit alles geglo het, elke bietjie.

Nie net dit nie, maar die eenheid tussen man en vrou was gebreek. Ek glo nie daar's enige huwelik wat kan wees wat dit behoort te wees sonder 'n eenwording tussen man en vrou en God nie. Dis reg. Hulle sal kinders grootmaak in die wêreld, maak hulle basters, gee hulle sigarette, whisky, speel kaart voor hulle, drink drank voor hulle. Maak nie saak hoe lojaal hulle is aan hulle huweliksbeloftes nie, dis seksueel, dis vleeslik. Maar daar is 'n gees daar, daardie gees van 'n sondige pa en ma, maak nie saak hoe lojaal hulle teenoor hulle kinders is nie, sal verkeerd uitkom.

44 Wel, julle sê: "Ek ken mans en vroue wat hulle kinders nie dit geleer het nie, en was nie Christene nie." Die einste ding om hulle nie na Christus te lei nie was die verkeerdste ding wat hulle kon doen buiten die ander; om hulle nie na Christus te lei nie, sien. So jy kan nie 'n korrekte eenwording hê daarsonder nie. Die gemeenskap verbreek.

So gou as wat die gemeenskap verbreek was tussen Adam en Eva … So gou as wat hulle gemeenskap verbreek was tussen God en hulle, was hulle gemeenskap tussen mekaar verbreek.

Luister! Enige tyd wanneer 'n kerk sy gemeenskap verbreek om homself in 'n organisasie te werp, is die gemeenskap van die gelowiges verbreek. Ons moet glo met een hart, een gedagte, en een akkoord. Dis hoe hulle was voor die eenwording ooit gemaak is op die Dag van Pinkster; een hart, een gedagte, en een akkoord. En wanneer jy 'n kerk in 'n organisasie werp, gaan jy allerhande soorte breuke daarin kry. Want, sommige van daardie kinders daarin gaan in God glo, hulle gaan vashou aan die ding wat reg is, en die ander sal die ander pad vat. So, jy het geen gmeenskap nie. Ja.

45 Wat? Haar denke het verander. O ja, haar denke het verander. Haar gemeenskap met haar man was nie reg nie. Hulle het mekaar begin blameer. Sien? Haar denke het eintlik verander. Waarom? Sy het die lewe van die duiwel in haar gehad. Presies! Sodra sy God se Woord betwyfel het, het sy die lewe van die duiwel aanvaar, want sy het sy leerstelling aanvaar.

Ek kan dit net hier vreeslik sterk stel, maar dis op band. Ek is seker julle verstaan, die Kerk.

Sy het God se Woord nie geglo nie en dit het haar gedisassosieer van God omdat die lewe van die duiwel juis toe in haar was. Sy het sy leuen geglo, gesê: "Die vrugte is goed," en sy het gedeel saam met hom. Dis reg.

46 Ek gaan Dit nie terughou nie, ek gaan Dit laat kom in elk geval. Kan net nie. Nou die dag in Kalifornië, ek bedoel in Arizona, het ek onderrig gegee in 'n kerk. Ek het nog nooit iets onder inspirasie gesê wat ek ooit moes terugtrek nie. So baie van die predikers het my aangevat oor die saad van Satan, die slang se saad. "Die vrou het 'n appel geëet." Huh! Dit, wel, Kain het dieselfde ding gedink, hy het die vrugte van die veld ingebring, julle sien. Dit was geen appel nie! Hoe het sy besef sy was nakend? Ons is al daardeur. Dit was eintlik 'n seksuele affêre. Sekerlik, dit was, sy het besef sy was nakend. En sy het 'n kind gehad by die slang, wat nie 'n reptiel was nie, hy was die subtielste van al die diere. Hy was die naaste aan 'n mens. Die mens kan ape en sjimpansees—sjimpansees teëkom, ensovoorts, maar hulle kan nie daardie skakel kry wat mens en dier verbind nie. Daar is hy. God het hom so ver weg vervloek dat hy kan nie weer kan terugkom nie, dis op hom vir hierdie bose daad wat hy gedoen het. Hy was die enigste saad wat sou meng.

47 Nou, die ander dag toe ek gestaan en preek het, was daar 'n klomp Katolieke mense in my gehoor en ek het gesê: "Julle Katolieke mense wat Jesus noem, of Maria noem, liewer: 'die moeder van God,' hoe kan God 'n moeder hê wanneer Hy Ewig is? Hy kan nie 'n moeder hê nie. Jesus was nie eens enigiets van Maria nie, maar Hy was net … sy was 'n broeikas wat Hom uitgebroei het."

Wel, hulle het altyd geglo, en ek het self 'n idee daarvan gehad jare gelede, dat die—die onberispelike bevrugting was dat God haar oorskadu het en 'n bloedsel daarin geplaas het, maar die eier het van die vrou gekom. As die eier van die vrou gekom het, moet daar 'n sensasie wees om die eier deur die buis na die baarmoeder te bring. Sien wat jy met God doen? Jy sit Hom in 'n seksuele gemors. God, Wie die bloedsel geskep het, het die eier geskep, ook. Dokter, daar moet beide manlike en vroulike stuifmeel wees. Dis reg.

48 Wel, dan, as hierdie vrou die eier geproduseer het, hoe kon Dawid dan sê: "Ek sal nie dat My Heilige Een verderwing sien nie, nog sal Ek Sy siel in die hel laat"? Dan as die vroulike eier in Christus was, dan het die persoon iets te doen met Sy deel in die opstanding, wanneer dit heeltemal voltooi is met God. Waarom het God 'n seksuele deel van 'n persoon opgewek? In die opstanding, waarom het Hy nie Sy liggaam verderwing laat sien nie? Omdat Hy heilig was. En hoe kon Hy heilig wees as Hy 'n bevrugting met Maria gehad het, en die stuifmeel van Maria gekom het, die eier af deur die buis in die baarmoeder?

Daar sou een of ander sensasie moes wees om die eiersel af te bring. Dan sou die vrou wees …

Wel, jy sê: "Die eiersel kon daar gelê het. Kon moontlik gewees het." Maar dit, as dit so was, kyk dan wat gebeur hier, dan was Hy nie volkome God nie. Hy was nie God nie in soverre as wat Hy menslik was. Maar dan as dit so is, het die vrou iets daarin gehad. En die—die werklike saad wat van Maria af gekom het, wat van haar moeder gekom het, en haar moeder, en haar moeder, was iets menslik daarin gemeng, met 'n menslike begeerte. Kon nie gewees het nie. Nee, meneer. Ek het gesê: "Hy … sy was net …"

49 Net soos jy die arend neem en dit 'n eier laat lê en dit onder die hen sit, die hen sal die eier uitbroei, sy is net die broeikas. Maar daar's nie een spikkel daaromtrent dat die arend 'n hoender is nie. Nee, meneer. Die hen was die … Jy sou 'n klein hondjie kon vasmaak bo-oor die top van 'n—'n voëleier, en dit sou 'n voël kan uitbroei, die klein hondjie sou. Dis die hitte van die liggaam wat die eier laat uitbroei het.

En dis dieselfde manier wat dit is met Jesus. Maria was net die broeikas. God het haar gebruik soos Hy sal met enige ander vrou. Sy was 'n maagd, sy het geen kinders gehad nie. Hy het in 'n maagdelike skoot ingekom, maar God die Skepper het beide eiersel en sperm gemaak, dit geskape. Daarom was dit volmaakte bevrugting.

50 Toe ek uitgegaan het, natuurlik, julle weet die broers het vir my gewag. Hulle het gesê: "Broer Branham, ons wil jou iets vra. Jy het 'n fout gemaak. Nou het ons jou uitgevang."

Ek het gesê: "Goed, dis wat ek wil hê, om uitgevang te word."

En het gesê: "Jy het die fout gemaak deur dit te sê, toe jy *Die Slang Se Saad* gepreek het. Nou jy sê dat—dat die eier behoort het … God het dit geskape, die eiersel. Wat gebeur het, ons vind hier uit dat in Génesis die 3de hoofstuk, dat God vir Maria gesê het: 'Ek sal vyandskap plaas tussen jou saad en die slang se saad.'

Ek het gedink: "O, goeiste!" Ek het nog nooit in my lewe enigiets onder inspirasie gepreek wat ek moes terugtrek nie, want ek maak nie staat op my eie insig nie. En as my insig teenstrydig is met God se Woord, dan is my insig verkeerd. Dit moet God se Woord wees. As dit nie is nie, los dit uit, dis nie reg nie. Maar nou om Dit te ontleed is die ding om te doen. In my hart het ek gesê: "Hemelse Vader, help U my. Ek weet nie wat om hier te doen nie. Die man het die Skrif, hy wys sy vinger na, 'Ek sal vyandskap sit tussen jou saad en die slang se saad.'

51 Nou, hier is dit! Die Heilige Gees het oorbeweeg. Ek glo dieselfde Een wat Maria kon oorskadu, wat kon skape, Hy kan ook 'n Woord in jou mond plaas. Ek maak daagliks op Hom staat. En dis altyd Sy Woord. Hy kan nie die … iets teenstrydigs met Sy Woord sê nie. Dan as jy sê jy's gesalf en preek teen die Waarhede van God, dan is dit nie die salwing van die Heilige Gees nie. Want wanneer die Heilige Gees jou oorskadu, bring Hy dieselfde ding, want Dit is die Woord.

52 Luister. Wat het gebeur? Ek het gesê: "Goed, ek wil julle iets vra. Die vrou het geen eier nie. Sy het geen saad nie. Hy het nou gesê, Hy het nie gesê "'n eier" nie, Hy het gesê "jou saad.' En sy het geen saad gehad nie.

Dit verg 'n eenwording om 'n saad te maak. Is dit reg, dokter? Moet wees. As jy 'n hele klomp pulp hier het wat geen lewe daarin het nie en het dit êrens geplant, dit—dit sou nooit opkom nie, lê daar en verrot. En jy kan nie die lewe plant sonder om die pulp te hê nie. So, julle sien, die hele ding is 'n eenwording. Ek probeer julle nou vertel van Christus en die Kerk. Dis 'n eenwording. Sien, as die vrou die saad van haarself het, dan het sy nie die man nodig nie, dan kan sy self haar baba hê. Maar sy kan nie wees nie, sy kan nie die baba hê totdat sy by die man was nie, want dit neem die twee tesame om 'n saad te maak. Is dit reg? Plant 'n saad met geen lewe daarin nie, kyk wat sal gebeur.

Soos hulle hierdie gesegde het van die vrou wat lewe skenk aan hierdie honde hier. Sien, dit kan nie lewendig wees nie. Dit kan nie wees nie, want sien, die stuifmeel sal nie meng nie.

53 Nou, let nou hierop, die—die vrou was nie 'n saad nie. Daarom het Hy gesê: "Ek sal vyandskap stel tussen jou saad en die slang se saad." Hy het vir haar gesê dat Hy Self, vir haar 'n saad sou gee, nie deur gemeenskap, seksueel nie. Hy sou in haar 'n saad skep. Wel, jy sê: "Sal dit Sy saad wees?" Ja. Dit sou dan aan Maria behoort nadat Hy dit vir haar gegee het. Dit is my oog, Hy het dit vir my gegee. Dis my oog, maar Hy het dit vir my gegee. Dit is my hand, Hy het dit vir my gegee. Dit is my stem, maar Hy het dit vir my gegee. Sien? En die saad wat was, Maria … het niks met Maria te doen gehad nie. Dit was iets wat God Self gedoen het.

54 So die saad wat toe in haar was, was 'n eenwording van 'n onwettige daad, wat die dood was. Sy was reeds swanger met die slang se saad, want sy het met die … En sy het omgedraai en gesê, syself: "Die slang het my mislei." Dis reg. En onmiddellik het Kain voortgekom.

O, ons weet sy het gesê sy het 'n kind van God gekry. Sekerlik, elke kind wat gebore word, buite-

egtelik en enigiets anders, moet kom deur 'n daad van God. Hy's die enigste Een Wat lewe kan skep. Sekerlik. Dit is reg.

Sien, sy was alreeds verwagtend. En dit het nooit … al wat dit gedoen het, was om die ding op te klaar van die slang se saad. "Die saad wat nou in jou is deur bevrugting, jou onwettige daad teen My Woord, met hierdie ding hier, en jy het nou die slang se saad. Maar Ek sal jou 'n saad gee deur volmaakte bevrugting, en Sy Saad sal die slang se kop verbrysel, en sy kop sal die hakskeen byt." Amen. Laat God dit net hê, as dit Sy Woord is sal Hy Dit in vervulling bring.

55 Dis waarom jy met God verenig moet wees. Dis waarom Petrus gesê het op die Dag van Pinkster, nadat Jesus gesê het "doop hulle in die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees," Petrus het omgedraai en gesê "doop hulle in die Naam van Jesus Christus," want die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees is die Here Jesus Christus. Sien dit? Dit vereis 'n eenwording.

Paulus het Petrus nooit gesien nie, maar dieselfde Heilige Gees, in daardie selfde vereniging (glorie!) , het hom dieselfde ding laat sê. "Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?"

Hy het gesê: "Ons weet nie of daar is nie."

Gesê: "Hoe is julle gedoop?"

Gesê: "Met die doop van Johannes."

Het gesê: "Julle moet weer oorgedoop word in die Naam van Jesus Christus." En hulle het die Heilige Gees ontvang.

Wat was dit? Die eenwording, wat dieselfde ding sê wat God sê! En dis die belydenis. *Bely* beteken "sê dieselfde ding." En Hy's die Hoëpriester van ons belydenis, om op te tree volgens wat Hy gesê het. Ons sê Dis die Waarheid en Hy reageer op Dit. O, goeiste! Daar het julle dit. Daar is die begrip.

56 Nou kyk hoe sy—sy—haar eenheid tussen haar en haar man verbreek is. Sien, dadelik, so gou as wat God gesê het "Adam, hoe het jy dit gedoen?" In plaas van om die blaam te neem vir sy vrou, het hy sy vrou blameer vir dit. "Die vrou wat U my gegee het." Eenheid was verbreek. Sien?

Wat het sy gedoen? In plaas van om haar man lief te hê en die Waarheid te vertel, het sy gelieg. Sy—sy—sy—sy moes gesê het: "Hy's onskuldig, ek het vir hom gegee." Amen. Die Bybel het gesê: "Sy het vir haar man gegee." Sy moes gesê het: "Die man is onskuldig. Ek het vir hom gegee en toe het hy geëet, maar ek was die een wat dit vir hom gegee het." In plaas van dit, het sy dit op die slang gesit, naaste verbypad.

57 Dis dieselfde ding wat hulle vandag probeer doen. Sien, die man, vrou, die eenheid verbreek. Man en vrou, kameraadskap is verbreek tussen hulle. Die eenheid van hulle was verbreek, die eenheid tussen hulle en God was verbreek. Die hele ding was geskend. Waarom? Omdat een woord nie geglo is nie. O, broer, goeiste! Ja, sy moes die Waarheid vertel het. Die eenheid van haar en haar man was weg, en die eenheid van hulle en God was weg. En elke kerk wat nie die hele Woord van God neem nie, dieselfde ding gebeur. Ek het Dit lief, nie waar nie?

58 Let op haar eersgeborene, Kain, 'n moordenaar, 'n leuenaar, 'n bedrieër, jaloers, jaloers op sy broer. Sy broer het die Gebooie van God onderhou en God het 'n versoening gemaak deur 'n offerhande dood te maak en dit vir hulle te offer. Hou nou die onkunde daarvan dop, van Satan, het iets in die plek probeer stel. God, het die Bybel gesê, het gegaan en vir hulle voorskote gemaak uit velle; om velle te kry, het iets gesterf. Adam het probeer om vir homself voorskote uit vyeblare te maak. Dit sou nie werk nie, plantlewe. Lewe, bewegende lewe moes sterf. So Hy het 'n laer vorm van lewe doodgemaak en daarin gesê dat "Eendag sal My Eie Lewe vir julle gegee word, die ware Lewe wat hierdie eenheid weer sal bymekaar bring." Nou, ons sal daarby uitkom binne 'n paar minute, as God wil. "Sien, hier is 'n lam se lewe. Nou, sit dit om jou en verberg jou naaktheid." "Jy moenie appels eet nie"? Onsin! Sien? "Sit hierdie velle om julle." Hy moes iets doodmaak.

59 En Satan se seun, hulle het nie gekom op die manier wat hy dit wou hê nie, hy het nie. Hoe jy dit ookal wil sê, maar dit was Satan se seun, want daardie suiwerheid van Adam teenoor God kon nie daardie soort ding gebring het nie. Let dan op Satan se seun, wat probeer om 'n versoening te maak, kom terug met dieselfde ding wat meeste van die mense vandag sê, 'n klomp appels en vrugte van die land, om te offer vir 'n versoening, 'n teenmiddel.

En wat het regverdige Abel gedoen? Hy het geweet dat dit nie so-iets was soos appels eet nie. Hy was die bloed van sy ma en pappa, die lewe van hulle. Toe het hy 'n lam gebring, net soos God het. Halleluja! Hy het die Woord van God gehou en Kain was jaloers op hom.

Dieselfde ding vandag! Kom in daardie bloedofferhande, daardie Woord van God net presies wat Dit sê, bly reg Daarby. 'n Klomp van hulle sou daardie bloedofferhande glo, sekerlik, maar sê iets anders in

die Woord, hulle sê: "O, nee, ek glo dit nie. Uh-huh, dit—dis vir 'n ander dag." Dieselfde ou duiwel, dieselfde ou skelmstreek! Wag tot ons daarmee klaar is. Let op, hy het afgekom op dieselfde manier.

60 Maar Kain, op sy onnosele manier, nie so onnosel nie, maar met sy sluwe maniere, mislei, en het vrugte ingebring. Adam het die … Abel het die Woord van God onderhou, hy het 'n lam ingebring. God het gesê: "Dis reg, Adam, jy het gehou … Of, Abel, jy het My Woord gehou." "Kain, jy het geweet dit was nie … Waar het ek 'n paar vyeblare gevat soos jou pappa probeer doen het? Jy het 'n klomp vye of druiwe of appels gekry of wat jy ookal hier het. En nou het jou pappa die blare van die boom af gevat om 'n versoening te probeer maak, en hier probeer jy die vrugte van die boom af bring." Dit was nie dit nie! Dit was bloed van lewe.

61 O, God het dit afgebring, gesê: "Hier is dit." En Abel het die regte een geoffer. Toe was sy broer jaloers op hom. Kyk wat het hy gedoen, hy het sy broer doodgemaak. God het 'n ander een laat opstaan; soos dood, begrafnis en opstanding van Christus. Kyk. God toe, Sy … Wat het Hy vir Adam en Eva gesê? "Gaan voort en vermenigvuldig en vul die aarde." Versprei die menslike ras oor die hele aarde sodat Hy met hulle individueel kon handel totdat Hy hulle weer bymekaar kon bring. Handel met die mense, individue, elke persoon. Maar hulle wou dit nie so hê nie.

Moenie hierdie openbaring mis nie. God, laat dit gebeur. Mag julle dit sien soos ek daarna kyk.

62 Sien, dit was nie dit nie, God handel nie met 'n persoon in 'n groep nie. God handel nie met jou in 'n organisasie nie. Hy handel met jou as 'n individu, 'n individu. Individueel word ons met die Heilige Gees gedoop. Gesamentlik word ons in die Liggaam gedoop wanneer ons met die Heilige Gees gedoop word. Individueel, elkeen gedoop met die Heilige Gees, God handel met elkeen. Dit was Sy doel, versprei hulle oor die aarde sodat Hy met hulle individueel kon handel.

Maar in plaas daarvan, wat het gebeur? God moes Kain se mense skei van Set se mense. Hy het Kain weggestuur. Hy het hulle geskei sodat Hy met Sy kerk kon deel. Kyk. Kain was afgesonder. Nou kyk. God het Eva se bose Kain afgesonder van Adam se heilige Set. O! Het Hy dit gedoen? Deur 'n onwettige daad, hierdie vrou wat gelewe het met iemand anders en 'n kind voortgebring het. God het daardie kind en sy geslagte geskei van hierdie regverdige en heilige man, sy kinders.

Dis dieselfde ding vandag, skei, geskei, vind hulle, hulle was nie in eenheid nie. Hulle kon geen eenheid hê nie. Kan nag eenheid hê met dag? Kan 'n gelowige eenheid hê met 'n ongelowige? Kan 'n man wat in die hele Woord van God glo 'n eenheid hê met hulle wat net deel van die Woord van God glo? God wil skeiers hê.

63 Nou, Kain was Eva se seun, sy het gesê: "Ek het 'n seun gekry." Maar Set was Adam se seun. En God het hulle geskei omdat hy nie kon laat … Wel, hulle sou mekaar korrupteer, Kain se bose kinders sou Set se goeie kinders korrupteer. Dis reg.

Nou kyk! En dieselfde ou duiwel wat veroorsaak het dat Eva een Woord van God nie geglo het nie en hulle aangesê het om hulleself af te sonder van mekaar en om anders te lewe, elkeen, daardie selfde duiwel het tussen hulle gekom en hulle weer bymekaar gebring. Het julle dit begryp? Sê "Amen" as julle het. [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Hy het hulle weer bymekaar gebring onder 'n vals eenwording, 'n daad van God … teen God se plan. Wat het gebeur? Hoe het hy dit gedoen? "Die seuns van God," het die Bybel gesê, Génesis: "het die dogters van die mens gesien." Die seuns van God, Set se kinders, het die dogters van die mens gesien, Kain se kinders, hoe mooi hulle was. Hum! En, wat het hulle gedoen, hulle het geval vir hulle! En hulle het hulle weer saam verenig, vanweë skoonheid, dat "hulle mooi was om na te kyk."

64 Dieselfde ding vandag! Hier is julle, broers. Julle Pinkster swakkelinge, wie God afgesonder het en julle gestuur het om 'n interdenominasie te wees! Jy kan nie Pinkster denomineer nie. Het julle uitgestuur om Sy mense te wees. Maar julle het die groot mooi kerke en die teologie gesien, julle het vir julle 'n klomp groot skole en dinge gekry. En wat het julle gedoen? Julle het weer God se mense verenig met organisasie, waarvan die einste fondasie Katolisisme is. Mooi, groot kerke, welgeklede mense, die burgemeester van die stad en die res van hulle kom, beste geklee, beste geleerd, hoë teoloë, weet hoe om te kom na 'n plek waar almal die mees fantastiese klere dra, en die pastoor staan net so volmaak op sy plek. Wat is dit? Julle kyk na die dinge wat God veroordeel het. En julle het die Pinksterkerk geneem (God, laat dit die bande tref!) en het dit verenig in 'n organisasie. God wou Dit nooit verenig hê nie, Hy wou Dit geskei hê; nooit verenig met die wêreld nie.

65 Dieselfde ou duiwel wat veroorsaak het dat Eva die Woord van God nie geglo het nie en haar kwaad aangedoen het, het reguit teruggekom en die kinders van Set geneem en hulle hierdie mooi vroue van Kain laat sien, en hulle het weer verenig. En hulle was nie ongelowiges nie. Hulle was nie kommuniste nie. Nee, nee. Hulle was gelowiges. Hulle het gesê: "Nou miskien sal die Here dalk iets doen." Of, o, dit soos dat. Hulle—hulle was … Hulle het gedink dat hulle gedoen het wat reg was. En wat moes God doen? Die hele ding uitvee, moes die hele ding uitvee. Onder vals eenwording! Hy moes 'n vloed stuur en die hele

lot vernietig. Oordeel het aangekom vir daardie vals eenwording. Oordeel het Eden getref vanweë 'n vals eenwording.

Nou, het die slang 'n saad gehad? Skaam julle.

66 'n Vals eenwording het oordeel op die aarde gebring, na Eva en Adam, in Eden. En 'n vals eenwording het die vloede van God se oordeel op die aarde gebring omdat die dogters van Kain geflankeer het met die seuns van God, en hulle het daarvoor geval en het weer saam verenig. Daar het julle dit. Vals eenwording: "Niks kon gebeur nie." Wat het God gedoen? Hy het die hele ding vernietig, alles behalwe kosbare ou Noag en sy familie. Hy … hulle het bymekaar gekom.

En weer daarna, na die dood van Noag, en daardie geestelike familie van Noag, voor jy jou kom kry, begin die kinders van die mens weer na mekaar kyk. Wat het hulle gedoen? Hulle het gesê: "Nou, ons is nie ongelowiges nie, ons glo almal in God." So hulle het 'n kêrel gekry, deur 'n leier, een of ander groot aartsbiskop met die naam van Nimrod, en hulle het 'n toring gebou. Hulle was nie ongelowiges nie. Hulle het geglo daar was 'n Hemel. Hulle het geglo daar was 'n hel. Hulle het geglo in oordele. Maar die kinders van God met die dogters van die mens, weer, en hulle het vir hulleself 'n verbintenis gemaak, valslik, en het 'n yslike groot katedraal gebou, 'n groot yslike organisasie, en al die ander plekke moes—moes vir Babel, moes hulde bring daaraan.

67 En hulle het gesê: "Ons sal julle sê wat ons kan doen. Julle weet ons is slim." Waar het hulle daardie wysheid gekry? Van die duiwel. Dis presies. Hulle het dit van die duiwel gekry soos—soos Eva het. Het dit van die duiwel gekry. Toe sê hulle: "Ons sal vir onsself 'n organisasie bou, ons sal God behaag. En ek sal julle sê wat ons sal doen, ons sal klein trappies hê. Ons sal ophardloop en sing en dit geniet saam met die engele, en terugkom hierheen en lewe soos wat ons wil." Daardie duiwel lewe nog. Sien? Dit was teen die gebooie van God. Hulle het nie Sy gebooie onderhou nie. Wat het God gedoen? Wel, hulle het 'n toring van Babel gebou, weer vals, so God het hulle verwar en hulle geskei.

68 God het weer geskei en Hy het goeie ou regverdige Abraham uitgestuur, gesê: "Ek sal jou net vat en 'n nasie uit jou maak." God het hulle geskei. "Kom uit onder hulle, Abraham, laat alles agter." En God het hom nooit geseën totdat hulle nie alles agtergelaat het nie, Lot was die laaste. "Kom uit, Abraham, skei jouself af van daardie ongelowiges. En ek gaan jou neem en 'n nasie uit jou maak. Ek sal 'n nasie maak wat My gebooie sal onderhou. Ek gaan hulle nog 'n kans gee."

Goeie ou Abraham het gaan bly in 'n vreemde land. Dis wat elke Abraham doen, bly in 'n vreemde land. Wat? Glo 'n belofte wat onmoontlik was, menslik gesproke. Wat dink julle sou daardie moderne Kain se dokters daardie dag gesê het? "Sjoe, goeiste, 'n ou man, honderd jaar oud, gaan 'n baba hê by 'n vrou, negentig? O, wat 'n belaglike ding!" Maar Abraham het God se Woord geglo. En enigiets teenstrydig daarmee, het hy geag asof dit nie was nie.

Al hierdie vals dope, vals sensasies, vals goed wat aangaan vandag, sê dis nie daar nie, glo God se Woord en gaan aan. Dis net 'n struikelblok om jou te weerhou om na die ware uit te reik. Dis reg. Beweeg net aan, kinders. God se Woord, God hou Sy Woord. Ek gee nie om hoeveel nagemaakte dinge die duiwel daar uitgooi nie, God het steeds 'n ware Woord en Hy hou Dit.

69 Abraham het enigiets teenstrydigs, verkeerd genoem. Romeine, die 4de hoofstuk, as julle dit wil neerskryf. Abraham het enigiets teenstrydig met God se Woord, genoem asof dit nie was nie. Dis reg. Hy het geglo in God, was sterk, maak nie saak hoe swak sy liggaam geword het nie, hoe onmoontlik dit gelyk het dat dit nie sou gebeur nie, Abraham het aangehou om dit te glo. Nou, hy het nie nodig gehad om by die altaar te kom en te sê: "As dit nie nou gebeur nie, gaan ek … Ek weet nie of ek dit moet glo of nie." Abraham het daarby gehou vir vyf-en-twintig jaar voor dit gekom het, maar dit het. Dit doen dit altyd.

70 Abraham, kom Isak; Isak, kom Jakob; uit Jakob het die aartsvaders gekom; uit die aartsvaders, het in Egipte ingegaan; in Egipte, 'n nasie het gegroei. Toe Hy Sy nasie opgegroei gehad het, Sy prestasie, wat het Hy gedoen? God het hulle weer geskei. Ongeloof en geloof kan nie saamloop nie. Nee, meneer. Hy het hulle weer geskei, as Sy Eie. Wat het Hy aan hulle gedoen om seker te maak dat hulle reg gelei is? Luister nou mooi, ons het nie nou veel tyd oor nie, miskien nog vyftien minute. Hy het hulle gelei. Kyk, Hy het 'n nasie opgerig, hulle onder leermeesters en dinge gestel. Hulle is geslaan en het gehuil, en gehuil en aangegaan. Maar God het neergekyk, Hy het elke belofte onthou wat Hy Abraham gegee het. Eendag het Hy—Hy gedink … Wat het Hy aan hulle gedoen? Wat het Hy gedoen toe Hy hulle geskei het? Hy het hulle 'n wet gegee en Hy het hulle 'n profeet gegee, Hy het hulle 'n Kolom van Vuur gegee. Wat het Hy gedoen? (O God!) Hy het Sy kerk in orde gebring. 'n Kolom van Vuur, Gees, om hulle te lei, 'n profeet wie hulle die Waarheid van Sy Woord sou vertel. Hulle was toe gereed vir die reis. Is dit nie wonderlik nie?

71 Uit in die wildernis het hulle gegaan, het tekens en wonders verrig, die Rooisee oopgemaak, die plae van hel geroep oor Farao. O, goeiste! 'n Kolom van Vuur wat voor hulle beweeg, amen, het hulle snags

en bedags gelei. Halleluja! 'n Profeet, getrou aan daardie Woord, wat daar staan en hulle in lyn hou. Amen. Hy was toe gereed om Sy kinders te vat. Dit was die eerste keer wat hulle ooit 'n kerk genoem is. Dit was 'n tipe van wat Hy in die laaste dae sou doen. Ons sal weer daarby uitkom binne 'n minuut. Hy het hulle uitgeroep, hulle 'n wet gegee, hulle Sy Woord gegee, en hulle 'n profeet gegee, Hy het hulle 'n teken gegee, en Hy het hulle in die wildernis gestuur. Het hulle geskei van die res van die wêreld.

Wat het hulle gedoen? Het die mooi vroue van Moab gesien, 'n louwarm kerk met gode en godinne en wat nog. Wat het hulle gedoen? Gegaan vir hulle, ingetrou onder hulle. Dis reg, presies reg. Ek stel my voor daardie mooi Moabitiese vroue was werklik pragtig.

72 Ek het 'n profesie wat by die huis lê, een van hierdie dae gaan ek dit lees. En julle wonder waarom ek op vroue pik soos ek doen. Dertig jaar gelede … Ek het SO SPREEK DIE HERE! Dertig jaar gelede toe ek die bediening betree het, het Hy my gesê dat die aard van vroue so immoreel en toegereken sou word in die laaste dae, dat hulle die mees besoedelde ding op die aarde sou wees. Reg! Sy het dit begin aan die begin en Satan gebruik haar teen die einde. En kyk wat gebeur, kyk af deur die jare. Gesê: "Sy sal aanhou om haarself te ontklee." En gesê: "Daar sal net 'n klein groepie wees van die einste Uitverkorenes wat voortbestem is, wat dit sal ontvlug."

Toe daardie visioen gekom het, het dit my bekommer. Ek het gedink: "Vroue …" Ek het terug in die Bybel geblaai na Jesaja, ek dink die 5de hoofstuk, en Dit het gesê: "Die tak wat ontsnap het van … die dogters van Sion, sal in daardie dag pragtig wees vir die Here."

73 'n Vrou het vir my 'n vraag neergeskryf nou die dag, sy het gesê: "Broer Branham!" Of, nee, dit was 'n man, prediker. Hy mag hier staan vanmôre. Hy's net van Ohio. En hy het gesê: "Ons wil dieselfde ding sê soos wat jy sê, maar ons het iets op jou bande gevind wat nie reg is nie." Toe het Billy die brief na my toe gebring. Gesê: "Iets op jou bande," sê: "is baie teenstrydig, Broer Branham, met die Woord van God. En ons wil—ons wil dieselfde ding sê." Gesê: "Een vraag wat ek vir jou wil vra, dis Een Korinthiërs, die 11de hoofstuk, en dit sê dit omtrent die hoofbedekking vir die vroue en die mans wat nie bedekking mag hê nie." Gesê: "Ons glo dit. Die vroue behoort hoede te dra in die kerk en die mans behoort hulle hoede af te haal in die kerk." Het gesê: "Ons glo daardie hoofbedekkings, ensovoorts." En gesê: "Dan 'n ander vraag wat die mense na ons toe mee kom en sê die Engel van die Here praat oor alles met jou. Elke woord wat jy spreek is van die Engel van die Here. En, Broer Branham, dis so moeilik om teen so-iets te veg," gesê, "in my kerk." Het gesê: "Ons wil dieselfde ding sê. Nou, Broer Branham, glo jy nie jy was 'n bietjie verkeerd daar nie?"

Ek het teruggeskryf: "My kosbare broer, ek is nie verkeerd nie. Een Korinthiërs, die 11de hoofstuk, het gesê 'n vrou behoort haar hoof bedek te hê en waarom. Dan het die 15de vers gesê haar lang hare is vir haar gegee as 'n bedekking, nie 'n hoed nie." Daardie Katolieke gees het die kerk lank genoeg gedomineer. Haar lang hare is haar bedekking. Leer die natuur nie self …

74 En kyk, en dan kom die vraag terug, iemand het my 'n tyd gelede gevra … Ek sal dit verduidelik terwyl ek daarmee besig is. Hy het gesê: "Wel, die Bybel het gesê dat sy lang hare behoort te hê vanweë die engele. Wat het die engele te doen met 'n vrou?"

Ek het gesê: "Wat is 'n engel? Dis 'n boodskapper." Wat sê Paulus? As 'n ware boodskapper, 'n engel van God verbykom, beter jy lang hare hê. Hy sal die ding veroordeel. Dis reg. Hoeveel het … weet dat 'n engel 'n boodskapper is? Presies reg. 'n Boodskapper gestuur van God sal dit veroordeel. Het gesê: "Julle beter liewer lang hare hê, vanweë die engele." Daardie boodskappers gestuur deur God sal die ding veroordeel. Ja, inderdaad, omdat 'n ware boodskapper van God, 'n engel verbind is met God en Sy Woord kan nie faal nie. Dis presies reg. Paulus het daar gesê dat selfs as 'n Engel uit die Hemel enigiets anders kom leer, laat hom vervloek wees. Dis reg. Nou ons vind uit dat dit waar is, sy behoort lang hare te hê, dis haar bedekking.

75 Maar ek stel my voor hierdie mooi Moabitiese vroue was baie pragtig, hulle was dalk opgemaak ietwat soos sommige van die moderne Isébels van vandag. Maar, alhoewel, nie alle vroue nie! Ek dink 'n vrou wat eg is, is 'n juweel. Loof God vir 'n ware vrou. Julle is God se diensmaagde. Maar 'n ware vrou is soos 'n ware man, hulle sal die Woord van God volg ongeag van wat die duiwel sê, of enige vals ding.

En sê: "Ons pastoor het gesê dis in orde om *dit* te doen." Ek gee nie om wat jou pastoor gesê het nie. As dit teenstrydig is met God se Woord, laat sy woord 'n leuen wees en hou God se Woord. Gee nie om watter denominasie dit is of wat hy is nie, as hy enigiets daaroor te sê het, sê hom om in die Woord van God te kyk. Presies reg.

76 O, hoe kan ons nie aangaan en sien hoe God hulle afskei nie. Ons sal net vir 'n minuut moet stop. Ek het 'n paar Skrifte hier wat ek net wil oorslaan, om uit te kom, en opskud om by die einde te kom. Dan wanneer … wat het gebeur toe Hy daar was, met die Moabitiese vroue? God moes hulle weer afskei. Wat het Hy gedoen?

Toe het Jesus gekom. Nou dis waar ons êrens kom. Toe het Jesus gekom, die uitgedrukte beeld van God, die vrou se saad, verwek deur God Homself. Die groot Argitek het vir Homself 'n liggaam gebou. Hy het nie nodig gehad om enige hout te leen van enigeen nie, van die vrou of man nie. Hy het vir Homself 'n huis gebou. O, goeiste!

77 Ek dink aan Stéfanus op daardie dag toe hy gestaan het, gesê het: "Julle onbesnedenes van hart en ore, julle stywenekke. Julle weerstaan altyd die Heilige Gees. Soos julle vaders het, so maak julle!" Gesê: "Salomo het vir Hom 'n huis gebou, maar hoe dit sy, die Allerhoogste woon nie in huise wat met hande gemaak is nie, maar 'n liggaam het U voorberei."

Het nie enige hout êrens geleen nie. Hebreërs, die 11de hoofstuk, ek glo in die 2de of 3de vers, sê dit dat: "Die wêreld is deur die Woord van God geraam, die dinge is gemaak uit dinge wat nie sigbaar is nie." God het net gesê: "Laat daar wees," en daar was. Hy het nie nodig gehad om te gaan en te sê: "Mnr. Maan, sal jy My 'n bietjie hout leen? Mnr. Ster, sal jy My 'n bietjie kalsium gee?" God doen dit nie.

78 Hy hoef nie te gesê het: "Maria, leen jy vir my 'n eiersel, Ek wil 'n liggaam maak sodat Ek daarin kan woon" nie. God die Skepper het gespreek en sy was onmiddellik 'n moeder. Sy was nie 'n moeder nie, sy was net 'n vrou wat Sy Saad gedra het. Dis reg. Onthou, sy was nie Jesus se moeder nie. Die wêreld het so gesê. Vind vir my een plek in die Skrif waar Hy haar ooit moeder genoem het. Kom nou terug na die Woord. "Moeder van God," skaam julle. Sien?

Eendag was daar mense wat vir Hom gesê het, gesê: "Jou moeder is buitekant op soek na Jou."

Hy het gesê: "Wie is My moeder?" Hy het gekyk na Sy dissipels, gesê: "Hulle wat die wil van My Vader doen is My moeder."

Sy was nie Sy moeder nie, sy was 'n broeikas. God kon iets anders gebruik het, maar Hy wou die laagste neem en wys wat Hy daarmee kon doen. Rig dit op, maak iets uit niks, dis God.

Uit die geopenbaarde beeld, Jesus, die onbevlekte Een, die lieflike Een, die mooiste van tienduisende, die Lelie van die Dal, die Roos van Saron, o, die Môrester. Wat was Hy? Waarvoor het Hy gekom? Luister nou mooi. Om die eenheid tussen God en die mens te hervestig. O, sien jy dit, broer?

79 Al hulle torings van Babel en al hulle ander dinge terug daar het nie gewerk nie. Al hulle vrugte van die tuin en alles anders het God nie behaag nie. So God het neergedaal en is verwek in die baarmoeder van 'n vrou, deur Homself, het vir Homself 'n liggaam gemaak en het Emmánuel geword, God met ons; nóg Jood nog Heiden, maar God. Hy was nie Jood nie, Hy was nie Heiden nie, Hy was God. En die Heidene was net soveel vir Hom op enige tydstip, Hy het net probeer om die Jode af te skei vir 'n nasie. Hy het alles probeer doen om dit terug te kry en die enigste manier waarop Hy dit kon begin, was om terug te kom na 'n individu soos Hy was in die begin. Dis hoe dit vandag is vir 'n individu. Nie vir 'n denominasie nie, nie vir 'n organisasie nie, nie vir 'n groep mense nie; maar vir 'n individu. Let op, om eenheid tussen God en die mens te herstel.

80 Hy was 'n ware sondoffer. Skape, bokke, ensovoorts, kon nooit sonde wegneem nie. Maar die lewe … Want wanneer die offer doodgemaak was en die lewe van 'n lam, die mees onskuldige ding, kon nie terugkom nie, daardie lewe, op die gelowige, want hy was 'n mens, met 'n siel, en die skaap het geen siel nie.

Sien, niks het 'n siel nie, behalwe die mens. God het … Hy's 'n vorm van 'n dier, dis waar, maar Hy het 'n siel in hom geplaas. Dis wat hom anders gemaak het van die diere. Hy het reg van verkeerd geweet toe sy siel in hom gekom het. Maar hy … Onthou toe God die mens geskape het na Sy Eie beeld en toe het hy 'n lewende siel geword. Sien, hy het dit geword, het reg van verkeerd geweet.

81 Nou let op. Maar nou, hierin het Jesus gekom en Hy was God. Nie net kan die lewe van 'n ander mens terugkom op 'n ander mens nie, maar die einste Lewe van God, en dit maak hom 'n kind van God, sit hom terug in dieselfde eenheid waarin hy was voor die val. Nou kry ons die regte eenheid.

Mense, iemand sê vir my: "Broer Branham, is jy nie eenheid nie?" Nie die organisasie Eenheid nie. Maar ek is eenheid met Christus, sien, maar nie die organisasie Eenheid nie.

Hy het die skuld van sonde betaal. Nou, ten einde eenheid tussen God en die mens te kry, kon Jesus dit nie doen solank Hy hier in 'n liggaam van vlees was nie. So Hy moes die volledige sondoffer word om die skuld van die gelowige weg te neem, sien, dit wegvat sodat die Heilige Gees in die mens kan inkom en die mens en God weer eenheid word. Sien, daar moes iets wees om weer te hervestig.

82 Nou, wat kon hervestig? Wanneer God se opdrag vervul is. Sou 'n Engel dit kon vervul? Hy het geen bloed nie. Sou God dit kon vervul? Hy het geen bloed gehad nie. En God het vlees en bloed geword sodat Hy die skuld korrek kon betaal en sonde wegneem, omdat dit die enigste manier is. Torings van Babel wat hulle skei oor die aarde, alles anders, organisasies en dinge het in elke opsig gefaal, hulle raak

gedisorganiseerd met mekaar, die wêreld en alles anders, maar dit sou 'n totale skeiding wees. Glorie!

Nou voel ek godsdienstig. Wel, ek voel asof ek nou my teks kan neem en nou net begin preek. Ek raak nou net opgewarm tot waar ek hier kan begin, en dis tyd vir my om op te hou. Uhm! Miskien sal ek dit later klaarmaak, die eenheid van God en die mens. Verstaan julle? Almal wat verstaan, sê "Amen." [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

83 Sien, dis die enigste manier waarop die mens weer terug in sy oorspronklike staat kan wees, is vir daardie straf van sonde om betaal te word. Die straf van sonde is wat? Dood. "Die loon van sonde is die dood." En God het gesê: "Die dag wat jy daarvan eet, die dag wat jy hierdie verhouding het, dis die dag wat jy sal sterf." En toe dit het, het dit sy verhouding verbreek, gemeenskap en alles vir die mens, en kon nie meer terugkom voor daardie straf betaal is nie. En niemand was waardig om dit te betaal nie, want almal het saam met die menslike wese geval, want elke skepsel is onder die menslike wese en hy het geval. Glorie! O, broer!

84 Broer Mac, ek het jou nie daar sien sit nie, God seën jou. Ons glo dit, Broer Mac. "Kom onder die straf van die dood." Broer Mac hier was altyd die pastoor hier by die tabernakel as ek weggegaan het. Ja. Nou, nog 'n goeie ou Baptis, Sending Baptis daar wat die Heilige Gees het. Sien? Let nou op, hulle gaan in die eenheid met God.

85 Nou, wanneer ons dit sien, sien die prys moet betaal word, en geen … Die hoogste vorm van dierelewe is 'n menslike wese, en die menslike wese het geval, homself. So hoe kan een mens 'n ander red? Dit het God gevat. En God, in Gees, kon nie sterf nie. So: "God moes Homself 'n bietjie laer as die Engele bring," Hebreërs die 1ste hoofstuk, die 1ste vers. Moes Homself laer as die Engele maak ten einde die dood te neem, om die prys te betaal, om die eenheid tussen die mens en God weer te bring, sodat die Heilige Gees kon terugkom.

Die skuld van sonde is betaal. Jesus moes dit doen om die—die—die Heilige Gees terug te stuur op, om die mense weer te verenig soos dit was in die Tuin van Eden. Die skuld is betaal toe Jesus gesterf het. Dit het dit afgehandel. Amen, broer! As ek dit net kan laat insink, sien. Die skuld is betaal. Halleluja vir die Lam! Die skuld is betaal. En elke man en vrou wat my vanmôre hoor, of my sal hoor deur die band, jou straf is betaal. Moenie God se Woord weer betwyfel nie. Kom terug na die Woord! Moenie glo … Hy was die Woord. Glorie! Ek voel om uit te roep, eerlik ek voel dit. Die boete is betaal. Dis alles verby. Geen wonder Engele het uitgeroep en gesing nie, die liedere van die Hemel het weerklink. Ja, meneer, die verlore skaap is gevind! 'n Voorsiening is gemaak vir hom om weer herstel te word, die waters van skeiding, God se Woord wat hom was van sy ongeregtigheid, toe die Woord in my plek gesterf en weer opgestaan het en prominent in my lewe geword het, in my hart. Amen. Die straf is betaal! Dis verby. Ons is verlos.

86 Nie deur 'n Katolieke kerk nie; hoewel ons die korrekte katoliek is, die apostoliese katoliek. Ja, meneer. Nie Rooms Katoliek met hulle dogmas nie, hulle ontken hierdie Woord met hulle dogma; alles is jou dogma, nie die Woord nie. Metodis, Baptis, skaam julle, liefhebbers van ongeregtigheid meer as liefhebbers van God. Liefhebbers van plesier, wêreldsoekers, plesiere, geslagte varke vir die kraal. Die duiwel stuur sy instrumente uit daarheen en wurg daardie goed in julle kele af soos Satan in die Tuin van Eden gedoen het. "Wel, al ons predikers het 'n geleerdheid. Hulle het die Ph.D., LL.D." Dit beteken niks nie. Verloën daardie Woord, dis steeds die skelmstreek van die duiwel. Ek het dit vanmôre deur die Woord vir julle bewys, dit hang nou van julle af.

87 Die dissipels, selfs terwyl hulle met Jesus gewandel het, het hulle geen eenheid gehad nie. Hulle het geen eenheid gehad nie. Nee, hulle het gestry: "Wie gaan biskop wees hierna. Wie is die belangrikste onder ons?" Hulle kon nie eens Jesus glo nie. Hulle kon Hom nie verstaan nie. "U praat in raaisels. Sê ons reguit wat U bedoel." Daar was geen eenheid tussen Jesus en die dissipels, of dissipels teenoor Jesus en die dissipels onder mekaar nie.

Maak nie saak nie, dit wys jou, broer. Luister nou mooi, ek wil hê dit moet werklik diep insink in jou hart. Sien? God het 'n plan. Buite daardie plan, gee ek nie om hoeveel wysheid agter dit is nie, hoeveel goeie miljoene dollars van geboue, hoeveel skole van teologie, hoeveel heilige man en heilige *dit,* en heilig, heilig, heilig, maak glad nie verskil nie, as een Woord van God se Bybel ontken word, dan is dit van die duiwel. Nou, ek het dit vir julle bewys deur die geskrewe Woord van God, van Nuwe tot Ou Testament, en ek sal dit afbring na hierdie dag as julle net vir 'n paar minute sal sit.

88 Die dissipels wat hand-aan-hand gewandel het met Jesus, wat geslaap het saam met Hom, geëet het saam met Hom, Sy wonderwerke gesien het en met Hom geassosieer het, so naby soos enige broer kon wees, en tog het hulle dit nie gehad nie. Hulle was nie geskik om die Evangelie te verkondig nie. Jesus het gesê: "Moenie meer preek nie, moenie eers probeer nie. Wag julle daar by die stad van Jerusalem. Ek gaan die belofte stuur wat vir julle gegee is, op julle. Dit sal julle dan verenig."

"Nou, Vader, Ek bid dat hulle een sal wees soos wat U en Ek Een is. En ek …" "Soos My Vader My

gestuur het om die Evangelie te verkondig, so stuur Ek julle."

En die einste Vader wat die Seun gestuur het, het in die Seun gekom. Eenheid is een. Hy het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie. Maar as My werke wat Ek doen so luid spreek, is julle volkome doof, stom en blind as julle dit nie sien nie." O, broer, sjoe! Het gesê: "Julle skynheiliges! Julle kan die aangesig van die lug onderskei, maar die tekens van die tyd kan julle nie onderskei nie. As julle My sou geken het, sou julle My dag geken het. Tereg het Jesaja gepraat van julle. Julle het ore en julle is so doof, julle kan nie hoor nie. Oë en so blind julle kan nie sien nie!"

Tereg het die Apostel Paulus gesê: "In die laaste dae sal hulle 'n vorm van godsaligheid hê en die Krag daarvan ontken," en Skrif na Skrif, wat sou plaasvind in hierdie organisasies in die laaste dae. Dan wonder hulle hoekom ek uitroep teen daardie mensgemaakte sisteem van die duiwel. Sien daardie kosbare kinders weggelok soos skape wat na 'n slagting gaan. Bring hulle uit, Here!

89 Ja, dissipels het geen eenheid gehad nie. Hulle kon Jesus nie verstaan nie. Hulle het gesê: "Ag, wie kan hierdie dinge verstaan?" Sien, God was nog nie in hulle nie. Hulle was net geassosieer in gemeenskap. Hulle het net met Hom geassosieer. Dis baie goeie manne vandag. Hulle het nie gedrink, gelieg, gesteel, niks nie, maar hulle het nie daardie eenheid van God gehad nie. Hulle was nog nie een met God nie. Sien, hulle kon nie wees nie. O, hulle het wonderwerke gedoen. Hulle het duiwels uitgedryf. Dis nie 'n—dis nie 'n …

Ek het 'n artikel in die koerant gelees nou die dag oor dit, oor die uitdryf van duiwels. Mense sê: "O, broer, ek sê jou, dis dit." Dit is nie dit nie! 'n Man wat 'n duiwel uitdryf en God se Woord ontken, is 'n leuenaar. Ja, meneer. Hy sê hy dryf duiwels uit. Hulle maak aanspraak daarop dat hulle dit doen. Hy kan dit nie doen as hy nie met God se Woord is nie. Jesus het so gesê.

90 Nou, toe het Pinkster gekom, God het hulle weer een gemaak. O, goeiste! Toe het hulle eenheid met God gehad. God was in hulle. Nou, Handelinge, as julle dit neerskryf, Handelinge 4:32, het die Bybel gesê dat: "Hulle was met een hart, een siel, en een denke." O, broer. Waarom? Hulle is weer teruggebring na die oorspronklike. Die enigste ding wat hulle oorgehad het om van ontslae te raak was 'n ou stad, of hulle het hierbinne gelewe, 'n ou liggaam genaamd 'n stad of 'n tempel, wat hulle hier in gelewe het, wat moes verrot, omdat dit moet sterf en verrot. Maar in gees en lewe, en in doel en in visie, en alles, was hulle een met God.

O, Adam, my verslae vriend, moenie dat Satan jou weer sy leuen vertel nie. Moenie dat dit gebeur nie. Moenie dat Satan jou vertel dat die Woord nie bedoel net wat Dit sê nie. Dis reg. Die Woord beteken … Ja, hier nie …

91 Ek het gepraat van die Naam van Jesus Christus doop. Dis reg, 'n openbaring van dit het gekom. Dis die Waarheid. Maar wat het 'n klomp mense gedoen? Het dit reg hier bymekaar gemaak en 'n denominasie daaruit gemaak, het nog 'n toring van Babel gemaak. Dieselfde ding, het dit reg daarin gegooi. Sekerlik. Luther het dieselfde ding gedoen. Wesley het dieselfde ding gedoen, John Smith het dieselfde ding gedoen, Alexander Campbell het dieselfde ding gedoen. Pinkster het dieselfde ding gedoen. God handel met individue wat Sy Woord onderhou. God se enigste plan om gelowiges na Homself te bring, in 'n ware eenheid, is om die Heilige Gees te ontvang. Hier is hoe …

Jy sê: "Wel, Broer Branham, ek het in tale gepraat. Ek het geskree. Ek het *dit* gedoen." As jy steeds daardie soort gees het en die Woord van God ontken, dan het jy nie die Woord van God in jou nie, het jy nie die Gees nie. As jy sit en hoor die Waarheid wat gepreek word en Dit naslaan in die Bybel en sien Dis die Waarheid, en dan weier om dit te doen, dis nie die Gees van God nie. Ek gee nie om hoeveel jy in tale gepraat het, hoeveel jy uitgeroep het, hoeveel kerke jy aan behoort het, of hoeveel keer jy gedoop is, of enigiets anders nie. Die Woord is Waarheid. Dis wat die waarheid bevestig. As jy al hierdie ander waarhede het en dan met die Woord, amen, dan weet jy jy kom huistoe.

92 Hoe kan die einste God wat die Bybel geskryf het omdraai en iets anders vervang vir Sy Woord? Julle Katolieke mense wat sê dat Petrus in julle kerk begrawe is en sy gees gee julle die reg om sondes te vergewe en dinge, hoe kon Petrus, 'n Jood, dit ooit uitstaan om beelde in die kerk te hê? Hoe kon Petrus ooit weier om te sê dat die doop van die Heilige Gees gekom het, en hy het in tale gepraat, en al daardie kragtige dinge wat hy gedoen het, en weer omdraai en sê neem 'n klein beskuitjie, en God is in daardie beskuitjie? O, dis onkunde, geestelike onkunde!

Wel, nou, julle Protestante dieselfde ding, stap nader en skud hande met die prediker en sê: "Ek aanvaar Jesus as my persoonlike Verlosser," en gaan terug en lewe enige soort lewe buiten dit, en gaan net voort om saam met die wêreld te lewe. Nog 'n toring van Babel.

93 Ons kom nou naby die einde. Kyk. God het die Heilige Gees gestuur en die Heilige Gees is God Homself. Hy's die Een wat die eenheid sal maak tussen God en die mens. Laat ons uitvind. Nou laat ons. Nou ek wil julle onverdeelde aandag hê vir die volgende vyf minute of so. Kyk.

Die mens onder die duiwel se plan het probeer om die kerk te denomineer in eenheid. Hulle het probeer om nou die kerk in eenheid op te voed, julle weet dit, deur geleerdheid, deur denominasie. Hulle probeer nou, die Wêreldraad van Kerke gaan voort om te probeer om al die Katolieke en Protestante saam te bring en hulle een te maak. Wat is dit? 'n Plan van die duiwel!

Julle sê: "Jy's baie klein om dit te sê." Ek's baie klein, maar my God se Woord is geweldig groot, dit sal ek vir julle sê. Hemele en aarde sal verbygaan, maar Dit sal nie. Dit is nie hy wat dit sê nie, dis Hy wat—Hy wat—Hy wat dit eerste gesê het. Ek sê net wat Hy gesê het, ek bely Sy Woord.

Dis onder die duiwel! Dis bewys hier in die Woord, reg hier vanmôre voor julle, dat dit van die duiwel is. Enigeen van daardie organisasies is. Die mens, onder die duiwel se plan, probeer mense tot eenheid denomineer.

94 "Kom sluit julle almal aan by die Gemeentes van God. Sluit aan by die Eenheid. Sluit aan by die Kerk van God. Sluit aan by die Metodiste. Ons is almal een." Julle klomp skynheiliges, het 'n gedaante van godsaligheid en ontken die Krag daarvan. En die Woord van God het reg voor julle geskud en julle is bang om Dit aan te val. Hoekom wys God Homself dan nie, as julle met God is? Hoekom doen julle nie die werke van God nie? Hoe kan julle daardie gedaante hê en rondgaan en Hom verloën, noem selfs die ware werke van God 'n Beëlsebul? Dit wys, julle geleerde klomp kerklidmate! Jesus het gesê: "Julle is van julle vader, die duiwel!" Reg! Ek is seker julle verstaan wat ek bedoel. Sekerlik. Waarom val iemand Dit nie aan nie? Julle weet God is Daaragter. God sal met Sy Woord beweeg.

95 Die mens doen dit, bou nog 'n toring van Babel. Wat doen hy? Hulle probeer wys … Kyk nou in hierdie Wêreldraad van Kerke. Die Anglikane, die Rooms Katolieke, die Metodiste, die Presbiteriane, die Pinksters, en almal van hulle saam verenig, Christelike Wetenskap en baie van die sektes wat selfs die maagdelike geboorte ontken, wat die Godheid van Jesus ontken, maak Hom drie mense, probeer drie gode aanbid, ontken die maagdelike geboorte. Sommige van hulle ontken die Bloed. Sommige van hulle ontken Sy wonderwerke. Byna almal van hulle doen dit. En dan—dan probeer om so-iets saam te verenig, hoe kan jy dit doen? Dis 'n mensgemaakte toring. Dit sal val soos Babel het.

96 Maar God het gesê: "Nie deur krag nie, nie deur mag nie; deur My Gees, spreek die Here. Dis hoe Ek My Kerk sal verenig. Nie deur organisasie nie, nie deur geleerdheid nie, nie deur teoloë nie; maar deur My Gees, spreek die Here, sal Ek My skape bymekaar bring." O, goeiste! En wanneer Hy dit doen, wat gebeur? En Sy tekens sal van dieselfde getuig. Dis hoe Israel kon sê, voordat hulle met Moab deurmekaar geraak het. Daar was 'n Kolom van Vuur oor hulle. Ja, meneer. Wat sal Hy doen? Hy sal getuig, dieselfde soort getuienis. Maar nadat hulle gedisassosieer het met God, het die eenheid tussen hulle en God geskei en het met Moab en hulle gemeng, die oorwinning het heeltemal gefaal. Hulle het in die wildernis gebly vir nog veertig jaar, totdat God 'n ander groep laat opstaan het om oor te gaan en Sy plan te voltooi. Dis presies wat hulle gedoen het.

97 Nou kyk. Maar wanneer God 'n kerk bymekaar bring met Sy Gees, sal hulle Sy tekens van die lewende God tussen hulle hê. Watter soort tekens? Toe God Israel van Egipte geskei het, het God vir Moses en Israel 'n teken van 'n Kolom van Vuur gegee. Dit reg? 'n Profeet. Toe Hy Abraham van Lot geskei het, het daar 'n Engel na hom gekom wat die gedagtes en die voornemens van die hart kon onderskei. Teken! Halleluja.

Nou hierdie denominasies wat vasgevang is in hierdie kerk, wat probeer 'n eenheid maak soos in Egipte, soos daar in—in Eden, ensovoorts, onder hierdie groot invloed wat hulle is.

Maar kyk, ek wil julle iets vra. Toe God Israel geskei het, het Hy hulle 'n Bonatuurlike teken gegee, 'n Kolom van Vuur. Hy het hulle 'n profeet gegee. Wat het Hy aan Abraham gedoen? Wat doen Hy elke keer? Wys my 'n God-aangestelde profeet tussen hulle. Hy het Sy kerk bymekaar gesit deur apostels en profete en leraars en evangeliste. Halleluja! Daar het julle dit. 'n Kerk, weer, soos Hy Israel uitgeroep het. Ek het julle gesê ek sou terugkom daarheen. Ja, meneer.

Geen God-aangestelde profete onder hulle nie, nee, meneer, soos hulle was met Israel-hulle. Wat is dit? Weer 'n duiwel se toring.

98 Nou, die Koms is so op hande, die Tweede Koms van Jesus, Hy maak Sy Uitverkorenes bymekaar. Ek glo dit. O, hulle sal van die Ooste en Weste kom. Waar die karkas is, sal die arende vergader. O, goeiste, wat is dit? Hy het Sy eenheid, Sy ware eenheid, wys Homself tussen hulle; uit elke denominasie, bring Sy Uitverkorenes bymekaar uit alle soorte kerke, van oral af, bring Sy kinders uit, val reg in lyn met Sy Woord. Wat?

Nou, die Koms van die Here Jesus is so op hande, die koms van oordeel, Hy roep Sy Uitverkorenes bymekaar in eenheid met Homself, met dieselfde soort bediening wat Hy gehad het. Julle weet hoe ek in die Kerkeeue gevorm het, hier nie lank gelede nie, oor die—die groot toring wat gebou is, genaamd die piramide, maar die hoofsteen was nooit daarop gesit nie. Onthou hoe die Lutherane gekom het, toe die

Wesleys in die minderheid, en dan af tot by Pinkster. En nou wat Hy doen, roep daaruit. Wat het Hy gedoen? Hy het die Uitverkorenes uitgeroep om die Lutherane te maak; Hy het die Uitverkorenes uitgeroep uit die Lutherane om die Wesleys te maak; Hy het die Uitverkorenes uitgeroep daaruit, om die Pinksters te maak; nou roep Hy die Uitverkore Pinksters uit om die hoofsteen daarin te laat kom. 'n Baie soortgelyke bediening wat reg daarop inval, roep Sy kinders vanuit alle denominasies en alle vlakke van die lewe.

99 Wat het Hy gedoen? Hy het by hulle geplaas ware leraars, ware profete wat bly by Sy Woord, die Bybel. "My skape hoor My Stem," het Jesus gesê. As dit toe Sy Stem was, is dit ook nou Sy Stem. Enigiets teenstrydig met daardie Stem is nie skaapkos nie. Hulle sal dit nie volg nie. O, broer. Uit die Ooste, uit die Weste, uit elke denominasie, uit elke organisasie, hulle het gekom uit die Ooste en Weste, het bymekaargekom! "Ons sal feesvier met die Koning, eet as Sy gaste, hoe geseënd is dié pelgrims nie! Aanskou Sy heilige gesig wat van Goddelike liefde gloei; geseënde deelgenote van Sy genade, soos juwele in Sy kroon wat skyn. Jesus kom spoedig, ons beproewinge sal dan oor wees." Halleluja! "Wat as ons Here op hierdie oomblik sou kom vir diegene wat vry is van sonde? Sou dit julle vreugde bring, of smart en groot wanhoop? Maar wanneer ons Here in glorie kom, sal ons Hom ontmoet in die lug." Halleluja! Ja, meneer.

100 Wat is dit? Met God-gestuurde onderwysers wat reg by die Woord sal bly, vir die ware Kerk, vir niks sal beweeg nie, maak nie saak wat 'n organisasie sê nie. Hulle is nie daaraan verbonde nie. Profete; nie skyngelowig nie, sogenaamd, maar 'n ware profeet wat SO SPREEK DIE HERE het, en reg in die kol is elke keer. Dis wat Hy in Sy Kerk gestuur het. Dis wat Hy gesê het Hy sou doen. Glo die Woord; nie die leerstellings nie, nie die dogma nie, maar die Woord. En deur dit te doen wys Hy Homself in hulle deur Sy Woord te bevestig, laat dieselfde Lewe wat Hy eens gelei het, weer herlewe, volbring Sy Woord. O, goeiste!

101 Luister aandagtig. Een Korinthiërs 4:20 sê: "Die Koninkryk van God is Sy Woord tot krag gemaak." As julle dit wil neerskryf, Een Korinthiërs 4:20. Die Koninkryk van God is God se Woord tot krag gemaak. Wat is die Koninkryk van God? Is binne-in jou. Die Koninkryk is in jou. En wanneer die Woord daar inkom, wat begin hierdie Woord? Dit verander Homself in krag, laat Dit sê presies wat Dit gesê het.

Jy kan nie sê "Dit sê *dit,"* en Dit sê *So,* en Dit laat werk nie. Jy moet dieselfde ding sê wat Dit sê. Dit maak 'n belydenis. Nie sê nie: "Wel, Dis 'n bietjie meer gepoleerd hier, ek sal meer wysheid hê, ek sal in beter status hier wees."

Jy bly by die Woord. Daar is dit, sien. En Dit maak Dit tot krag. "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Jesus het gesê, in Johannes 14:12: "As julle in My bly en My Woorde in julle." Nee, ek vra om verskoning, dit was nie wat Hy daar gesê het nie. Hy het gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen. As julle in My bly en My Woord in julle, kan julle vra wat julle wil en dit sal vir julle gedoen word. As julle in My bly en My Woord in julle."

102 Wat is dit? Jy moet by die Woord uitkom, laat jouself uitsterf. Ek's oortuig dat baie van ons, vriende, het die Heilige Gees ontvang, maar ons het net genoeg Heilige Gees in ons ontvang om ons tot op 'n plek te bring waar ons nie wil lieg nie, ons wil nie steel nie, ons wil niks verkeerd doen nie. Maar God wil elke vesel van Sy Kerk vul, Hy wil jou denke vul en Hy wil jou verstand vul. Hy wil elke stukkie van jou vul, jou net volkome maak, totaal dood vir jouself of jou denke, net so oorgegee in God totdat Sy Woord net regdeur jou lewe is. Jy weet niks anders behalwe God se Woord nie, bly net reg by Sy Woord, Dit is Lewe. "My Woorde is Lewe," het Jesus gesê. Hy het met hulle geplaas, leraars wat die Bybel glo, profete wat die Waarheid sê, wat sê, dieselfde profesie wys wat hulle altyd gehad het deur die eeu. Wat het Hy gedoen? Hy wys Homself lewend tussen hulle, bevestig Sy Woord. Sy Woord, die Koninkryk van God is God se Woord wat tot krag gemaak word.

103 Terwyl hierdie denominasies vertrou op menslike redenasies, op menslike redenasies. Luister nou mooi. Hulle … Ons moet nie staatmaak op menslike redenasies nie. Spreuke, die 3de hoofstuk, die 5de vers het gesê: "Maak nie staat op jou eie insig nie." Sien? Moet dit nie doen nie, maak nie saak wat God se Woord *skyn* te wees nie.

Jy sê: "Wel, dit lyk asof dit ewe goed op *hierdie* manier is."

Dit is nie wat Dit is nie. Dis God se Woord, neem Dit op die manier wat Hy Dit gesê het. Eva het gesê … Satan het vir Eva gesê: "Ek weet God het Dit gesê, maar Dit beteken nie regtig dit nie. Dit beteken dit." En sy het dit geglo. Sy het dit geglo. Dit het die eenheid verbreek, dit het die gemeenskap verbreek, dit het die verbintenis verbreek, dit het die wêreld opgebreek, dit het die lewe opgebreek, dit het alles opgebreek!

En die persoon wat een Woord van God se Woord betwyfel, dit breek die hele samesyn en als. Reg! Ons glo Dit of ons glo Dit nie. Laat ons Daarby bly! God het so gesê en laat ons Daarby bly. Baie dinge wat ek hier moet oorslaan, want dis alreeds oor die tyd.

104 Soos in vergange dae, in vergange tye toe die mens dit gedoen het, het dit God se oordeel na die wêreld gebring. Die toring van Babel, die vereniging van Kain se kinders met Set se kinders, het oordeel gebring. Dit bring altyd God se oordeel na die wêreld. Sien? O, die ware eenheid met Hom sal opstaan in die oordeel, bo dit, soos Noag gedoen het in daardie oordeel met sy familie. Regverdige Noag en sy familie het bo die oordele gegaan. Wat het hulle gedoen? Hulle het gegaan!

Broer Lee Vayle, as jy dit in die hande kry, hier is dit. Dis die enigste vraag waaroor ons verskil, hy glo die Kerk sal deur die oordeel gaan. Ek sien dit nie. Ek glo dit nie.

Noag het nooit deur enige oordele gegaan nie, hy het bokant die oordele gegaan. Abraham het nooit enige vuur gehad nie, hy was uit die vuur. Israel was nie in die oordele van Israel nie, dit was van die vuur geskei, buite die oordele. Die Kerk sal bokant die oordele gaan, in die ark van die Heilige Gees, opgewek van die aarde af.

105 Hierdie ding van hierdie Wêreldraad van Kerke is niks anders in die wêreld as 'n—'n beweging van die dwase maagd nie, om hier gelos te word op die aarde vir 'n keuse vir die antichris. Maar die ware Kerk van God sal dryf soos ou Noag het en gaan na Heerlikheid net so seker as wat ek hier staan. Dis waarom Hy hulle bymekaarmaak. Dis wat die Stem vandag vooruit spreek. Dis wat God doen, is om een uit Los Angeles bymekaar te maak, en een van Philadelphia, en een van Georgia, ensovoorts. Versamel hulle, Sy mense wat gewillig is om die Woord van die lewende God te glo. "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens, waarin 'n paar gered is, net baie min." Goed, ons Heilige Gees-ark sal dryf reg bokant die oordele van God, want ons is alreeds geoordeel, soos ons Jesus bely en Hy ons oordeel geneem het.

106 Hierdie denominasies, egter, is so koppig! Hulle is soos Eva, sy wou haar wysheid gehad het ongeag van wat God se Woord was. Nimrod wou sy toring hê, ongeag, Skrif of nie! Hulle was koppig! Eva het van beter geweet. Set het beter geweet as om te val vir daardie pragtige vroue. Israel het van beter geweet as om daar uit te gaan in daardie owerspel. So ook julle! Maar sommige is so koppig, Skrif of nie Skrif nie! "Prys God, my moeder was Presbiteriaans! Ek gaan ook wees." Gaan voort, gaan aan is al ding wat jy dan kan doen. God wees genadig teenoor jou sondige siel. Hoe gaan jy daarvan ontsnap, wanneer jy weet dis die waarheid? En as jy God se Woord sien en steeds dink Dis nie die Waarheid nie, dan is daar iets verkeerd met jou geestelike onderskeidingsvermoë. Dis presies reg. Kyk oor die nasie en sien waar hierdie dinge gebeur. Ons is by die eindtyd, vriende. Het ons pas deur die Kerkeeue gegaan en weet wat in die Laodicensiese Kerkeeu gaan gebeur? Het ons nie pas daardeur gegaan nie? Sien julle wat ek bedoel? Ons is by die eindtyd.

107 God versamel die Uitverkorenes vanuit die vier winde van die aarde. Hy het gesê Hy sou engele stuur en hulle bymekaarmaak. Is dit reg? Maak hulle bymekaar, skei hulle van die onkruid. Amen. Die onkruid sal verbrand word, nie die koring nie. Reg.

Maar hulle is so koppig, hulle gaan dit hê of nie, dit maak nie enige verskil nie. O!

Maar God se Uitverkorenes word beveel om onder hulle uit te kom. "Wees julle apart," sê God, "en Ek sal julle ontvang. Moenie hulle wêreldse dinge aanraak nie en Ek sal 'n Vader vir julle wees, of God, en julle sal My seuns en dogters wees. Moenie in dieselfde juk trek as ongelowiges nie, maar kom daaruit!" God wil skeiding van die wêreld hê. Hy wil met julle verenig word, Homself En geen mensgemaakte skema of organisasie, denominasie, of enige mensgemaakte teorieë sal ooit standhou nie. Dit sal God neem, die Heilige Gees in jou, om jou met God te verenig. En hoe weet jy dat jy Dit het? Die Heilige Gees wat die Woord geskryf het sal getuig met elke Woord; en dieselfde dinge wat die Heilige Gees gedoen het in die Ou Testament, sal Hy in die Nuwe Testament doen; sal nou presies dieselfde doen, want Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. En julle is nie gebind met organisasies en die wêreld nie. Julle is nie onder dieselfde juk as hulle nie. Moenie onder dieselfde jeuk as hulle trek nie, maar kom uit onder hulle! Jy is aan Christus gebind. Amen. Gebind aan die Here Jesus Christus.

108 Die Bybel sê in die laaste dae sal daar kerke wees soos nog 'n toring van Babel. Hulle sal 'n vorm van godsaligheid hê en verloën God se Woord en Krag, die Krag van Sy Woord. En wat is die Woord? Wat is die Koninkryk van God? Ons moet aan die Koninkryk behoort voor ons ooit onderdane van die Koning kan wees. Hoeveel weet dit, sê "Amen." [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Wel, hoe kom jy in die Koninkryk? Die Koninkryk van God is die Woord van God teruggebring in krag. Amen. Krag gemaak; neem sonde weg, gee tekens. Watter soort teken? As Dit dieselfde Woord is wat Moses uitgebring het, sal Dit dieselfde teken bring.

Dieselfde ding wat louwarm Lot geskei het. Nou, ons weet Lot was louwarm en Jesus het gesê dit sal die teken van die eindtyd wees. Louwarm Lot wat daar oorkant sit, hy was godsdienstig, sekerlik, hy en sy vrou. En hulle het aan allerhande soorte partye behoort en hy was die burgemeester van die stad, en o, daar was 'n hele klomp dinge aan die gang. Hy was baie godsdienstig. Hy kon die evangeliste onthaal en hulle almal wat verbykom, hy was ten gunste daarvan. Maar o, broer, hy was nie daardie Uitverkorene nie.

109 Kyk wat het gebeur! Waarom? Dieselfde God wat afgesonder en na Abraham gekom en hom die bevestiging van sy afsondering gewys het … Uhm! O God! Hoe wens ek dat ek kon—wens ek kon net iets doen om julle Dit te laat sien. God het Abraham gewys, omdat hy homself afgesonder het, Hy het hom die bevestiging daarvan gewys, dat Hy met hom was en reg in sy midde is. En Jesus het gesê dieselfde ding sal plaasvind in die laaste dae. Abraham was nie 'n nasie nie, hy was in die minderheid, maar God was met hom. Hy het hom toe al afgesonder. Ons is veronderstel om onsself af te sonder in hierdie laaste dae.

En as God aan Moses 'n teken gegee het, vir Israel, gesalfde profeet, 'n Kolom van Vuur, 'n teken vir Abraham gegee. Hy—Hy het 'n teken vir Israel gegee. Hy het 'n teken aan die dissipels gegee. Dieselfde teken, elke keer! Dieselfde teken, Pilaar van Vuur!

Paulus, toe hy op sy pad na Damaskus was, het daar 'n Kolom van Vuur voor hom geskyn, wat selfs sy oë verblind het, hom op sy knieë gedwing het. Niemand anders het Dit gesien nie. Almal wat rond gestaan het, hulle het Dit nie gesien nie. En 'n Stem het gesê: "Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Here, Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek's Jesus." 'n Teken! En wat was hy? Die apostel vir die Heidene. Amen.

110 Hier is ons in die eindtyd, kom van die Ooste en Weste, Noorde en Suide. Wat doen ons? Maak gereed vir daardie Wegraping. Maak gereed vir … Hou onsself standvastig vir 'n paar minute tot elke vesel met die Heilige Gees vervul is. Dan sal Sy opgaan. O, goeiste! Roep Sy mense bymekaar vir Homself, in die ware eenheid met Homself, want dis Sy een Heilige Gees. "Deur een Gees word ons almal individueel gedoop in een Liggaam, gesamentlik die Liggaam van Jesus Christus." En Jesus Christus wat met Sy Gees lewe in ons vlees, dien die Kerk en doen dieselfde dinge wat Hy gedoen het, as 'n—as 'n teken, as 'n vaandel vir die wêreld, dat ons in die laaste dae is, maak gereed vir die Wegraping. O, ek het Hom lief, het julle?

111 Ek het nog 'n boek hier, maar ek kan net nie langer aangaan nie, dit raak te laat. Ek mag dit dalk op 'n ander keer vertel.

Ons is aan die einde. Eenheid. Is julle so een met God? Dis hoe julle sal moet wees. Ja. Ons gaan een moet wees met Hom totdat … Laat die gesindheid wat in Christus was, in julle wees. Dan sal Christus, Sy Eie gesindheid in jou sal elke Woord herken wat Hy geskryf het. Dit het in die apostels, die Skrif reg gesny, wat die Waarheid is, sien, die Heilige Gees. As Dit die Waarheid is, dan sal Hy Daarvan getuig deur dieselfde teken te bring wat Hy vir Moses gegee het, dieselfde teken wat Hy vir Abraham gegee het, dieselfde teken wat Hy deur Christus gedoen het, dieselfde teken wat Hy deur Paulus gedoen het. Ons is in die eindtyd. Hy het gesê dat dit sou wees. Ons is in die eindtyd. Die Kerk, gesamentlik, kom bymekaar in 'n eenheid, een hier en een daar, wat dit opmaak.

Hy het gesê: "Daar sal twee in 'n veld wees, Ek sal een neem." Een. Kyk: "Twee in 'n veld," dis in die dag, oestyd: "Ek sal een neem en een agterlaat. Daar sal twee in 'n bed wees," die anderkant van die wêreld: "Ek sal een neem en een agterlaat," met die koms van die Seun van die mens. En dis so naby, dis op hande.

112 Moenie! Moenie, Adam! Adam! Eva, Adam, laat my uitroep na julle, moenie meer na 'n leuen van die duiwel luister nie. Bly by God se Woord, Dis SO SPREEK DIE HERE. Bly by Sy Woord. Om Daarvan weg te beweeg is om jou samesyn met God te verbreek, God se eenheid deur die Heilige Gees. Dan as jy sê jy het die Heilige Gees en dis nie in ooreenstemming met die Woord nie, dan is jy nie in eenheid met God nie.

Hierdie is God se eenheid, wanneer jy … as die—die gees wat jy het saamstem met hierdie Woord, en hierdie Woord manifesteer en hierdie Woord krag maak om op dieselfde manier op te tree as wat Dit daar het.

Laat ons dit saam sê. Eenheid [Gemeente se "Eenheid" — Red.] met God ["met God"] is om ["is om"] God se Gees ["God se Gees"] te hê in jou, ["te hê in jou"] wat saamstem ["wat saamstem"] met die Woord ["met die Woord"], die volle Woord ["die volle Woord"], die hele Woord ["die hele Woord"], en om Dit te maak ["en om Dit te maak"] gemanifesteer ["gemanifesteer"] in krag ["in krag"].

Daar het julle dit, dis eenheid met God. Wanneer daardie krag wat in my werk in julle werk, is ons een. Amen! Broer Kidd, wanneer die krag van die Heilige Gees wat in my is in jou werk, is daar geen verskille nie, die Woord is daar. Dit werk. Amen. Dit maak Dit wat Dit is, God wat in jou vlees geword het deur Sy Woord. Die Woord wat krag gemaak word onder julle, elke Woord!

113 Nou, onthou, die duiwel vat 'n hele klomp van daardie Woord, byna nege-en-negentig persent van Dit. Nege-en-negentig honderdstes en nege-en-negentig persent van daardie honderdstes, sal hy Dit net presies regmaak, maar dan sal hy *hier* afgaan, en dis die een wat dood net daar veroorsaak. Dit

breek die ketting reg in die middel, af gaan jy.

Elke Woord! Wat het Jesus gesê? "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord!" Nie deur 'n paar van God se Woorde sal hy lewe nie, nie deur nege-en-negentig en nege-en-negentig persent van God se Woord nie. Maar deur elke Woord wat uit die mond van God voortgaan, mens sal van Dit lewe.

Satan het Hom soontoe geneem en gesê: "Daar staan geskrywe!" Sien, net soos hy vir Eva gesê het: "Daar staan geskrywe! Daar staan geskrywe!"

Jesus het gesê: "En daar staan ook geskrywe …"

Hy het gesê: "Daar staan geskrywe: 'Hy sal die Engele oor U bevel gee.' Die Bybel het so gesê!" Man, hy's 'n geleerde. "Daar staan geskrywe: 'Hy sal Sy Engele aangaande U bevel gee sodat U nie U voet teen 'n klip stamp nie en U ophou.'"

Hy het gesê: "Daar staan ook geskrywe: 'Jy sal die Here Jou God nie versoek nie.'"

114 Hulle het gesê: "Ons het die Skrif," Handelinge 19: "ons is gedoop deur Johannes."

Paulus het iets anders gehad, hy het gesê: "Dit werk nie meer nie." Sien? "Johannes het net gedoop …" Hy het nie Johannes se woord betwyfel nie. Hy het gesê: "Ek sal jou sê wat Johannes gesê het. Johannes het gesê hy het gedoop tot bekering, nie vir vergifnis van sondes nie." Die Offerhande was nog nie doodgemaak nie, sien. Hy het gesê: "Hy het tot bekering gedoop, gesê julle moet glo in Hom wat moes kom." En toe hulle dit gehoor het, is hulle gedoop in die Naam van ons Here Jesus Christus. Paulus het sy hande op hulle gelê so vol van die Woord en die Heilige Gees het op hulle gekom. Hulle het begin om te profeteer, gepraat in tale, God verheerlik, en wat 'n tyd! O, goeiste! Hoe groot was die kerk? Twaalf. Ja. O, God handel nie in groot getalle nie, Hy handel met eerlike harte. Laat ons daardie soort hart hê. Het julle Hom lief? Laat ons bid.

115 O, my geliefde wandelaar, het jy gekyk na die dogters van Moab of het jy die dogters gesien (ek praat van kerke) van Kain? Hoe ver dwaal hulle van die Woord af! Het jy, my kosbare vriend, het jy opgelet in die laaste dae dat hierdie dinge plaasgevind het? Het jy onlangs opgelet hoe die Woord van God gemanifesteer word? Hoedat die herlewing wat eens gebeur het bedaar het, daar is nie veel oor nie? Wat is dit? Dis 'n stilte voor die storm. Die oordele is gereed. Het jy hierdie dinge te kenne gegee? Het jy Skrif met Skrif vergelyk, Bybelwoord met Bybelwoord, getuienis met getuienis? Het jy die Woord van Jesus vergelyk waar Hy gesê het dat die duiwel in die laaste dae … dit sou so naby wees, amper soos die regte ding, totdat, as dit moontlik was, hy almal sou mislei behalwe die Uitverkorenes, die Uitverkore Een. Dink net, daardie Skriftuurlike lering gaan so naby wees! "O, ons glo in die Heilige Gees, seën God vir ewig! Ons het die Heilige Gees, ons praat in tale." En draai dan om en ontken die Woord? Ja. Sien, sal die einste Uitverkorenes mislei as dit moontlik is.

116 As daar iemand hierbinne is wat nie reg is met God nie, as daar iemand hier is wat siek of beproef is … Daar's sakdoeke en dinge wat hier lê, ek gaan oor hulle bid. Ek gee nie om waaraan jy behoefte het nie. Elke belofte in die Boek behoort aan jou. Dis joune.

Nou, ek het julle die Woord gebring, Dit gebring van Génesis tot presies op hierdie dag waarin ons lewe, net die plekke getref en julle gewys. Baie honderde plekke wat ek kon aangeraak het buiten daardie, ek het nie tyd nie. Maar sekerlik, daarin kan julle sien dat hierdie organisasie-goed uit is. Dis 'n vals begrip van die duiwel, wat die mens probeer organiseer met die eenheid van hulle eie gemoed en denke. Wanneer dit die Heilige Gees is waardeur ons as een aan God verbind is. En die Heilige Gees stem saam met die Woord van God. Sien, die Bybel het gesê, Jesus het gesê dat hulle dit selfs sal bely, sien julle: "Mislei die einste uitverkorenes indien moontlik." Sien julle waar ons staan?

117 Tel nou hierdie Woord van God op in daardie hand van geloof. Wat is jou behoefte vanmôre? Het jy behoefte aan waterdoop in die Naam van Jesus Christus? Die bad is oop. Het jy behoefte aan die doop van die Heilige Gees? Hy probeer Sy weg in jou te druk. Het jy behoefte aan genesing? Wel, die einste Heilige Gees Homself, die Woord wat tot krag gemaak is, is nou hier, die einste krag van onderskeiding kyk nou uit oor hierdie gehoor hier en sien daardie Lig sirkel soos 'n gloed. Het ek julle ooit iets verkeerds gesê? [Gemeente sê: "Nee." — Red.] Het ek ooit?

Soos—soos die profeet vir Israel gesê het voor hulle vir hulle 'n mensgemaakte koning gekry het, het hy gesê: "Het ek julle ooit iets gesê … Het ek ooit julle geld geneem? Het ek ooit gekom en julle gesoebat vir geld en—en rondgery en gelewe in yslike groot paleise en bou yslike groot dinge en vat geld van julle? Het ek julle ooit vir 'n pennie gevra?" "Nooit."

Het ek julle ooit iets gesê in die Naam van die Here en wat God nie laat gebeur het nie? Het ek ooit in Sy Naam gespreek waar dit nie so was nie? Het ek ooit 'n visioen aan die gehoor vertel waar presies die persoon opgestaan het, vreemdeling of wat hy ookal mag gewees het, en wat hy gesê het "Dis die

waarheid”? Het ek julle ooit iets verkeerds gesê? [Gemeente sê: “Nee.” — Red.] Laat my julle dan nou vertel, SO SPREEK DIE HERE, ontvang die Heilige Gees, die Gees wat die Woord van God in daardie hande van geloof sal neem, uitbeweeg. Die hele Koninkryk behoort aan julle. Dis julle s'n, kinders.

118 Waarom kom julle van Georgia af, van dwarsoor die land, van Ohio, van Kansas, oral, vir 'n klein diens? Ek dink die band is nou af, so, ek kan dit sê. Sien? Waarom kom julle so? Wat laat julle dit doen? Wat is dit? Ek sien mense hier van Arkansas af, van honderde myle ver af.

Gisteraand, het reg ingekom van Kansas City, 'n klein Poolse broer wat daaragter gestaan het, het gekom, gelei, gesê: “Broer Branham, vandat ek die eerste keer van jou gehoor het destyds daar in Kanada baie jare gelede, die dinge wat jy gesien en gedoen het, ek het hulle goed nagegaan, vorentoe en agtertoe, op en af,” en het gesê, “nie een van hulle was nog ooit verkeerd nie.” Hy's waarskynlik 'n Poolse Katoliek en hier kom hy, neem die bande, gaan uit en speel hulle, kry teenstand. Predikers wat by my behoort te wees en ons te help, maar die Krag daarvan ontken, ontken die Waarheid van die Woord en maak aanspraak daarop om die Heilige Gees te hê.

Ek het myself nie 'n profeet genoem nie. Julle het dit gedoen. Maar, as dit so is, waar kom die Woord van die Here dan vandaan? Hoe weet ons of dit waar is of nie, tensy daar iets is om dit te rugsteun? Dis God se Woord hier, die geskrewe Woord. En dan as die geskrewe Woord gerugsteun word, dan is dit God in daardie Woord wat daardie Woord waar maak. Paulus het gesê: “Volg my, soos ek Christus volg.”

119 Nou, as jy 'n behoefte het vir God vir siekte, vir verlossing, wat … of om ontslae te raak … Party van julle vroue wat nie genoeg genade het om julle hare te laat groei nie, party van julle manne wat nie genoeg genade het om sigarette te los nie, party van julle predikers wat nie genoeg genade het om die waarheid van die waterdoop in die Naam van Jesus Christus te aanvaar nie, party van julle siek mense en wat besig is om te sterwe, hoekom vat julle nie hierdie Woord vanmôre nie. Ek sal julle nou sê, Dis vlees tussen ons! Neem daardie Woord in jou hand.

Hier hang 'n foto teen die muur van die Engel van die Here, dieselfde Een wat die kinders van Israel gelei het, dieselfde Een wat Paulus ontmoet het, dieselfde Een wat in Christus was. En dieselfde Heilige Gees is in jou, in jou, verenig jou as een. Wat laat ons harte saambind vir honderde myle? Daar's niks soos dit in die land nie. Hulle kom na die Woord.

120 “Daar is 'n fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel se are, waar ongelowiges plons onder die vloed en al hulle skuldvlekke verloor. Sedert ek deur geloof daardie stroom gesien het wat U vloeiende wonde voorsien het, is verlossingsliefde my tema, en sal wees tot ek sterf.”

121 Ons Hemelse Vader, hier lê 'n klomp sakdoeke, handskoene, hulle gaan dalk in die pos uit. Ek weet nie wie hulle hier neergelê het nie, miskien Billy, miskien die mense hier in die gehoor. Ek voel net om dit nou te doen, Here. Daar's niks in my hande nie, niks in my as 'n menslike wese nie. Ek kan nie staatmaak op my eie menslike insig nie. Ek verstaan nie waarom dit so is nie, maar ek volg wat U gesê het. “Hulle het van die liggaam van Paulus geneem, sakdoeke en voorskote, en bose geeste het uit die mense gegaan.” Dit was nie omdat hy 'n besondere man was nie, dit was omdat God met hom was in Woord en krag. En hy het nooit die apostels geraadpleeg nie, maar het uitgevind toe hulle bymekaargekom het dat dieselfde Evangelie, dieselfde vorm van doop, dieselfde alles wat hulle gedoen het, was oog vir oog dieselfde.

122 Nou vra ek, Here, vir hierdie kosbare mense wat U glo, dat U hulle sal genees. Hulle in die gehoor, genees hulle, Here. Mag hulle geloof net opreik en daardie Woord nou dadelik hou en sê: “Gewas, siekte, boosheid, jy kan net sowel weggaan, ek sny met die Swaard van God! Ek glo! My geloof is sterk. Ek druk die Swaard diep in. Beweeg uit my pad uit! Ek staan uit my sitplek op om gesond te wees.” “Ek lê my hand op my vader, op my suster, my kind, op my buurman. Ek glo. U Woord is Waarheid. Ek is in eenheid met U. Die werke wat U gesê het dat U gedoen het, sal ons ook doen. Here God, ek glo elke Woord. En ek kom na vore, kom na vore om dit op te eis, om dit op te tel vanmôre.”

123 O God, hoe dink ek toe die kerk aan die beweeg was, toe Moses bietjie benoud geraak het daar by die see, het hy begin huil tot die Here. En die Here het gesê: “Hoekom huil jy by My? Waarvoor roep jy uit na My? Spreek en gaan vorentoe! Het Ek jou nie opdrag gegee vir die taak nie? Spreek!” Spreek wat? Die Woord van God. “Dis in jou. Spreek en gaan voort. Moenie by My huil nie. Gaan voort.”

En, Here God, vandag kom ek in die Naam van die Here Jesus. Ek kom en dra hierdie Swaard van geloof, maak aanspraak op die eenheid van God en die mens deur die Heilige Gees, deur die genade en offerhande van Jesus Christus Sy Seun. Ek daag elke duiwel uit wat enigiemand op enige manier gebind het in hierdie gebou, of hy seun of dogter is, man of vrou. Ek daag elke siekte uit. Ek daag elke twyfel uit. Ek daag elke vrees uit. Ek daag alles uit wat goddeloos is, verlaat hierdie gehoor in die Naam van Jesus Christus! Kom uit hierdie gehoor uit, dat ons een kan wees met God en God kan dien sonder siekte of vrees. Mag die krag wat ons een gemaak het met God … Hoe kan daardie duiwel homself uitkrys rondom die gesalfdes? Hoe kan daardie duiwel daar staan en homself uitkrys soos 'n Goliat? Toe Dawid in die laer gekom en gesê het: “Julle bedoel julle laat daardie onbesnede Filistyn daar staan en die leërs

van die lewende God uitdaag?”

O God, maak dat die mans en vroue opstaan in die krag van die Gees. Laat daardie onbekeerde, daardie verslane duiwel wat die menslike ras skade gedoen het deur die eeu, hier staan en die kerk van die lewende God uitdaag? Satan, kom uit en gaan, in die Naam van Jesus Christus!

124 Nou, julle wat genoeg krag het om 'n Swaard te hou, noudat julle genoeg insig het in God se Woord om aanspraak te maak dat Dit jou persoonlike eiendom is, wie nou die Woord van God in jou hand kan optel, Dit in die hand van geloof ophou, en sê: “Ek vat kant saam met die Here. Ek sal in eenheid wees met my God, van nou af aan. Ek sal hierdie Swaard van die Gees in hierdie Woord ophou, en ek sal die duiwel kap vir elke belofte wat God my belowe het.”

As jy dit met jou hele hart glo, dan vra ek jou opreg met my hele hart, in die Naam van Jesus Christus, staan op jou voete en aanvaar dit. Bedoel jy dit? Is jy opreg? Is die Woord in jou hand? Is jou hand jou geloof? Steek jou fisiese hand op na God, sê: “God, deur dit, deur my verhewe hand wy ek my hele lewe toe. Ek wy my siel, ek wy my denke, ek wy alles aan die Woord van God. Laat die Heilige Gees nou my geloof neem en vir my die ding gee. Sny elke twyfel weg van my af. En deur geloof ontvang ek die belofte waarvoor ek vra, hierdie oomblik.”

As jy dit glo, sê: “Amen,” nou. [Gemeente sê: “Amen.” — Red.] Sê weer, “Amen”. [“Amen.”] Amen, amen, amen! Dan, as jy dit met jou hele hart bedoel, in die Naam van Jesus Christus, belowe ek jou wat jy gevra het. Amen. Glo dit met jou hele hart. God seën julle.

Broer Neville.

MESSAGE online hub
www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur
William Marrion Branham
"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7